


# Die *Kruisiging* van *Christus* in die dae van *Noag* & *Lot*

Deyan Delchev
Adrian Ebens
Kevin J. Mullins

# Die Kruisiging van Christus
# in die dae van Noag en Lot

Deyan Delchev

Adrian Eben

Kevin J. Mullins

Gedruk deur

VadervanLiefde.com

Februarie 2021

Tensy anders vermeld is alle Skrifaanhalings geneem uit die

Afrikaanse Bybel, 1953 hersiene uitgawe (AFR53)

Afkortings van Bybelvertalings is soos volg:

KJV: King James Version

AFR83: Afrikaanse Bybelvertaling van 1983

AFR53: Afrikaanse Bybelvertaling van 1933; hersiene uitgawe van 1953

DB: Die Bybel vir Almal

# Inhoud

Is Noag Skuldig aan 'n Globale Afpersingsbedrogspul? ........ 4
Die Aarde was Vol Geweld ........ 5
Die Weg na Verderwing/Vernietiging ........ 10
A. Die vernietiging van Beide Sodom en Egipte ........ 15
Die vernietiging van Egipte ........ 15
Die Vernietiging van Sodom en Gomorra ........ 17
B. Die Vernietiging van Jerusalem ........ 25
C. Die vernietiging van die Laaste Dae ........ 28
Die Dood word deur Sonde Veroorsaak, nie deur God nie ........ 33
Christus is die Volmaakte Uitbeelding van die Vader ........ 34
Die Groot Leuen wat Vrees vir die Dood Bring ........ 37
Christus het die Dood tot Niet Gemaak ........ 39
'n Openbaring van die Vader se Liefde ........ 44
Golgota word deur die Vloed Openbaar ........ 46
Ons het Hom Beskou as Een wat deur God gepynig word ........ 50
Om die Vader te Soek met ons Hele Hart ........ 51

## Is Noag Skuldig aan 'n Globale Afpersingsbedrogspul?

Op 'n dag stap 'n man in 'n kruidenierwarewinkel in en deel die eienaar beleefd mee dat sy winkel deur 'n werklike gevaar bedreig word. "Jou besigheid en ook jou familie staan verseker in gevaar om vernietig te word," sê hy. "Niks kan hierdie dreigende vernietiging keer nie. Kom asseblief onder ons beskerming," gaan hy voort. "Ons het 'n Veilige Ark vir dié wat ons as die enigste ware beskermers van vryheid erken." Die man verduidelik dat hy die winkeleienaar wil red van hierdie werklike verwoesting, wat almal wat sy beskerming weier sal oorkom.

Die man plaas sy hand op die skouer van die winkeleienaar en smeek hom om sorgvuldig oorweging te skenk aan sy aanbod van "genade." "Ons wil nie hê dat jy of jou familie enige skade berokken word nie. Dit sal ons baie hartseer maak." So dring die man aan dat sy genadige aanbod van beskerming aanvaar word.

Indien hierdie dreigement van vernietiging deur die groep van wie die man afkomstig is, geïnisieer word, sal dit 'n kriminele oortreding wees, genoem 'n afpersingsbedrogspul ("extortion racket"). Dit is die dwangpraktyk om 'n persoon se wil te manipuleer deur intimidasie of dreigemente, deur een of ander druk toe te pas.

Is dit moontlik dat die een wat die druk toepas, en die verteenwoordiger van die groep wat die vernietiging bring, om dieselfde persoon te wees én om steeds 'n boodskap van werklike genade te bring?

Is die verhaal van die vloed in die Bybel in werklikheid 'n wêreldwye afpersings-bedrogspul? Sal die God van die Bybel beskerming verleen aan dié wat doen soos Hy wil en terselfdertyd almal wat weier om in Hom te glo, vermoor?

> *Genesis 6:13-14* En God sê vir Noag: Die einde van alle vlees het volgens my besluit gekom; want **die aarde is deur hulle vervul met geweld**. En kyk, Ek gaan hulle saam met die aarde verdelg. Maak vir jou 'n ark van goferhout. Met afdelings moet jy die ark maak en dit binne en buite met pik bestryk.

Die Bybel sê dat die aarde gevul was met geweld. Maak dit enigsins sin dat die wêreld met geweld vernietig word juis omdat dit met geweld gevul is? Sal dit nie 'n vorm van skynheiligheid wees nie?

Kom ons ondersoek die woord *verdelg* / *destroy* in die Hebreeuse taal:

H7843: om te verrot, om te ruïneer, mishandel; weggooi; vernietig; verloor; skend; omkom; val; verderf; verkwis.

Dieselfde woord word ook in die teksverse net voor vers 13 gebruik:

Genesis 6:11-12 Maar die aarde was *verdorwe* [H7843] voor die aangesig van God, en die aarde was vol geweld. Toe sien God die aarde aan, en—dit was *verdorwe* [H7843], want alle vlees het sy wandel op die aarde *verderwe* [H7843].

Indien ons die Afrikaanse woord *verdelg* gebruik in die plek van die woord *verdorwe/verderwe*, lees dit soos volg:

Genesis 6:11-12 Maar die aarde was *verdelg* voor die aangesig van God, en die aarde was vol geweld. Toe sien God die aarde aan, en—dit was *verdelg*, want alle vlees het sy wandel op die aarde *verdelg*.

Die rede waarom die aarde as *verdelg* beskou kon word, was omdat die mens self verdorwe of verdelg in sy denkpatrone was; hy was met geweld gevul.

## Die Aarde was Vol Geweld

Teen daardie tyd het die wêreld reeds die gedagtes van Satan ten volle weerspieël. Die Skrif vertel ons omtrent die bron van hierdie geweld. Die inhoud van Esegiël 28 is wel gefokus op die karakter van die "Koning van Tirus", maar hierdie hoofstuk gee ook 'n profetiese kykie na die karakter van Satan – die gevalle engel:

*Esegiël 28:12-16* Mensekind, hef 'n klaaglied aan oor die koning van Tirus, en sê vir hom: So spreek die Here HERE: Jy was die seëlring van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid. (13**) Jy was in Eden, die tuin van God**; allerhande edelgesteentes was jou bedekking:; ... die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei. (14) **Jy was 'n gérub met uitgespreide vlerke wat beskut,** en Ek het jou gestel op 'n heilige berg; 'n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes. (15) Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is. 16 Weens die grootheid van jou koophandel het hulle **JOU BINNESTE MET GEWELD GEVUL**, en jy het gesondig; daarom het Ek jou as onheilige van die godeberg afgedrywe, en Ek het jou tussen die vurige gesteentes uit vernietig, o gérub wat beskut!

Dit is in skrille kontras met Christus. Die profeet Jesaja dui aan dat Hy geen onreg (oftewel geweld, volgens die King James Bybel) gepleeg het nie:

> *Jessaja 53:2-3, 7-9* Hy [die Messias] tog het **soos 'n loot** voor sy aangesig opgespruit en soos 'n wortel uit droë grond. Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad, dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms, dat ons Hom sou begeer nie. 3 Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie. ... Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en **Hy het sy mond nie oopgemaak nie;** soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders—**ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie**. 8 Uit die druk en uit die strafgerig is Hy weggeneem; en onder sy tydgenote—wie het daaroor gedink dat Hy afgesny is uit die land van die lewendes? Ter wille van die oortreding van my volk was die plaag op Hom. 9 En hulle het Hom sy graf by die goddelose gegee; en by 'n ryke was Hy in sy dood, **OMDAT HY GEEN ONREG [VIOLENCE - KJV] GEDOEN HET NIE** en geen bedrog in sy mond gewees het nie.

Die psalmis spreek van die Koning se Seun:

> *Psalm 72:14* Hy sal hulle siel verlos van verdrukking en geweld, en hulle bloed sal kosbaar wees in sy oë.

Dus pleeg die Seun van God geen geweld nie. Dié wat Hy verlos, red Hy van betrokkenheid by geweldpleging en om gewelddadig behandel te word. Satan is vol geweld en hy het die wêreld met sy gees gevul. Wat is die kernkwessie wat aan Satan 'n gees van geweld gee? – Sy jaloesie op die Seun van God.

> *Jesaja 14:12-14* Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies! En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!

Satan wil homself "**gelykstel** met die Allerhoogste." Hy het sy eie posisie as 'n engel wat beskut verag en wou ook deel hê aan die intieme goddelike raad, waarin net die Seun van God insae gehad het.

> Sagaria 6:12-13 ... So spreek die HERE van die leërskare: Kyk, daar kom 'n Man [die Messias] wie se Naam is Spruit, en Hy sal uit sy plek uitspruit, en Hy sal die tempel van die HERE bou. Ja, Hy sal die tempel van die HERE bou, en Hy sal majesteit verkry en sit en heers op sy troon; ook sal Hy 'n priester wees op sy troon, en **die raad van vrede sal tussen hulle twee bestaan** [dit is die Vader en die Seun].

Satan wat homself aan God "gelykstel" beteken nie dat hy God se karakter verlang nie, maar spreek van sy gevalle natuur wat jaloers is op die Seun van God, wie die "afskynsel is van sy heerlikheid" en "alle dinge dra deur die woord van sy krag." (Hebreërs 1:3). Jesus het aan sy dissipels op aarde gesê, "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde." (Matthéüs 28:18),

> Johannes 5:26 Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê.

Geen geskape wese het lewe in homself nie, ook nie Satan nie. Alle lewe kom van God deur Sy Seun, wat nie geskape is nie, want "Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene [superieure] van die hele skepping; want in Hom [die Seun] is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte—alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand." (Kolossense 1:15-17).

> "Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, (10) sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, (11) en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader." (Filippense 2:9-11).

Hierdie dinge maak Satan jaloers op Hom. Hy wil uit selfsug al hierdie heerlikheid hê. Hy verag die Seun en het vas onderneem om hom nooit aan Sy liefdevolle gesag te onderwerp nie.

Hierdie haat in Satan het so groot gegroei dat hy van die begin af beplan het om die Seun van God se lewe te neem. Die Kruisiging van Christus het aan die heelal die ware bedoelings van Satan, wat reeds voor die skepping van die wêreld wortel geskiet het, bekend gemaak.

> Johannes 8:44 Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. **Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af** en staan nie in die waarheid nie…

Satan se moorddadige planne is aangevuur deur sy wreedaardigheid. Hierdie wêreld is geskape na die beeld van God en Sy Seun. Satan het die onskuldige paartjie (Adam en Eva) in die tuin gesien en is gevul met jaloesie, sodat hy hulle bepaald wou vernietig. Sy jaloesie het hom sover gebring om hulle liefde in wantroue te omskep. Hy het sonde gebruik om God se liefdevolle aangesig van hulle te verberg. Hulle het intieme gemeenskap met hul Maker geniet. Ongelukkig is hul liefde deur sonde verdraai tot vrees en hulle het hulself versteek toe Hy hulle genader het.

> Génesis 3:8–10 En hulle het die stem van die HERE God gehoor terwyl Hy wandel in die tuin in die aandwindjie; en **die mens en sy vrou het hulle verberg vir die aangesig van die HERE God** tussen die bome van die tuin. (9) Toe roep die HERE God na die mens en sê vir hom: Waar is jy? (10) En hy antwoord: **Ek het** u geruis gehoor in die tuin en **gevrees**, want ek is naak; daarom het ek my verberg.

Met die sondeval het Adam en Eva die gees van haat en jaloesie in hul harte ingenooi. Hulle is verenig met Satan teen God.

> Génesis 3:11–13 En Hy [God] sê: Wie het jou te kenne gegee dat jy naak is? Het jy geëet van die boom waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie? (12) En die mens antwoord: **Die vrou wat U gegee het om by my te wees**, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet. (13) Daarop sê die HERE God aan die vrou: Wat het jy nou gedoen? En die vrou antwoord: **Die slang het my bedrieg**, en ek het geëet.

Beide Adam en Eva het die skuld geplaas op iemand anders. Hulle het gedink dat, indien iemand moet sterf, dan behoort dit iemand anders te wees behalwe hulself. Adam het sy vrou beskuldig, en Eva het die slang beskuldig. Hulle het na regte albei vir God, as Skepper van beide Eva en die slang, beskuldig.

Ons het egter gesien dat alle dinge deur die Seun geskape is. Is Hy nie die Woord (die stem) van God nie? (Johannes 1:1). Na die sondeval van die heilige paartjie was die Seun die enigste Middelaar tussen God en die mens. (1 Timóteüs 2:5) en dit was Hy wat voor hulle gestaan het. Dus, deur hulle veroordeling van ander het hulle verenig met Satan om die Seun van God ter dood te veroordeel!

Dit is die gees wat byna die hele menslike ras gevul het. Dit is die gees van haat jeens die Seun van God. Die bron van hierdie haat word nie maklik geëien en verstaan nie, want die natuurlike mens sal instinktief weerstand bied, wat sal lei tot geweld teenoor die Gees van Christus.

Die enigste manier vir die mens om sy lewe te behou, is dat Christus die menslike ras steeds met die krag van Sy lewe voorsien. Dit is waarom Christus die Lam is wat van die grondlegging van die wêreld geslag is. (Openbaring 13:8 – sien KJV). Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor sedert die grondlegging van die wêreld, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel reg van die begin af. Nogtans moes Christus elke persoon steeds dra ten spyte van die haat in sy hart geïnspireer deur Satan.

> Jesaja 63:9 **In al hulle benoudheid was Hy benoud**, en die Engel van sy aangesig het hulle verlos; deur sy liefde en deur sy medelyde het Hy hulle verlos; en **Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd**.
>
> Handelinge 17:28 want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons…

Die natuurlike vyandskap van die mens teen die Gees van Christus het gemaak dat hulle die ingewings van Sy Gees onderdruk het, sodat hulle met haat en geweld gereageer het teenoor dié rondom hulle.

> Matthéüs 25:40 Vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen.

Dit is baie belangrik dat hierdie punt verstaan word. Alle geweld in die wêreld is afkomstig van haat, gevoelens van haat wat Satan koester teen die Seun van God. Daarom vorm alle geweld 'n deel aan hierdie haat jeens Christus, selfs al is die bron daarvan totaal onbekend. Hierdie haat jeens Christus deurboor Hom elke dag.

Al die geweld wat in Génesis ses beskryf word, is 'n manifestasie van Satan se haat jeens Christus deur mans en vroue. Aangesien Christus die enigste bron van lewe is, sal die finale uitkoms van al hierdie haat slegs lei tot selfuitwissing.

> Johannes 14:6-10 Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en **die lewe**; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. (7) **As julle My geken het, sou julle my Vader ook geken het**, en van nou af ken julle Hom en het julle Hom gesien. (8) Filippus sê vir Hom: Here, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg. (9) Jesus sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? **Hy wat My**

**gesien het, het die Vader gesien.** En hoe sê jy: Toon ons die Vader? (10) Glo jy nie dat **Ek in die Vader is en die Vader in My nie?** Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werke.

I Johannes 5:11-13 En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en **dié lewe is in sy Seun**.(12) **Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie. (**13) Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God.

## Die Weg na Verderwing/Vernietiging

Die apostel Paulus gee in Romeine 'n beskrywing van hierdie vernietigingsproses:

Romeine 1:21–28 Omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister. (22) Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword (23) en die heerlikheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens en van voëls en viervoetige en kruipende diere. (24) **Daarom het God hulle ook** in die begeerlikhede van hulle harte **oorgegee** aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te onteer (25) hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid. Amen. (26) **Daarom het God hulle oorgegee** aan skandelike hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; (27) en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne **skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang.** (28) En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, **het God hulle oorgegee aan 'n slegte [waardeloos, verworpenheid] gesindheid**, om te doen wat nie betaam nie.

Die proses van verderwing begin wanneer mense weier om die ware God van die hemel te vereer en steeds verduister word in hul gedagtes deur blootstelling aan afgodediens. Verderwing vermeerder, wat die natuurlike haat jeens Christus in die

mens toelaat om te groei, sodat dit manifesteer soos kanker. Dit het vir die eerste inwoners van die wêreld beteken dat 'n reeks gebeure ontketen is waardeur God hulle prysgegee of oorgegee het aan die dinge wat hulle graag wou hê. Hy het toegelaat dat hulle hulself oorgee aan skandelike hartstogte, want hulle het gekies om te rebelleer teen die orde wat Christus daar gestel het. Hierdie proses kom tot 'n einde wanneer God hulle totaal oorgee aan waardelose denke.

Dit is 'n gemoed wat glad nie meer omgee vir die lewe nie. Dit is 'n gesindheid wat niks dink van die dood of vernietiging nie; dit is so verlam dat dit onmoontlik is om hom te bekeer. Seksuele perversie, moord en vernietiging word normaal vir sulke verdoemde denke. Nogtans voel Christus steeds verwerp, verag en gemartel in Sy Gees. Die geweld van mense teenoor mekaar is maar net 'n uitdrukking van hul haat en gewelddadigheid jeens die Seun van God.

Ons sien dat die wêreld alreeds op die pad van selfvernietiging is deur 'n proses wat Satan toelaat om hulle te beheer, sodat sy haat en jaloesie jeens Christus manifesteer. Die enigste ding wat oorbly is dat hierdie waardelose gemoed homself manifesteer in die aarde deur 'n verwerping van sy Skepper. Die onsigbare saad wat geplant is in die harte van mense sal weldrae sekerlik sigbare vrug afwerp, want aan die mens is die heerskappy van die aarde gegee. (Dit word duidelik gesien in die dorings en distels wat verskyn het na die sondeval van Adam.) Die dorings word verteenwoordig deur die doringkroon wat Christus gedra het, wat deel vorm van die kruis wat Hy dra.

Deur die geskiedenis heen het Satan probeer om die beloofde saad (die Messias) wat redding sou bring, dood te maak (Génesis 3:15; Openbaring 12:1-5). Satan het probeer om die hoop op die geboorte van Christus te vernietig, deur die mensdom te vernietig. Onder die haatlike invloed van Satan het die wêreld deelgeneem aan hierdie pogings om Christus te verdelg. Die woorde van Petrus word verklaar in lig van die kruis van Christus tydens die vloed:

> 1 Petrus 3:18-20 Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring—Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees; (19) in wie Hy ook heengegaan en gepreek het vir die geeste in die gevangenis [die gevangenis van sonde], (20) **wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God een maal gewag het in die dae**

> **van Noag, onderwyl die ark gereed gemaak is**, waarin weinig, dit is agt, siele deur water heen gered is;

Ons sien hier dat die Gees van Christus met lankmoedigheid deur Noag se prediking gesmeek het by die mense om in die Ark in te kom. Aangesien die lewelose natuur 2000 jaar gelede getuig het van die dood van Christus (die son het in die middel van die dag donker geword en daar was 'n aardbewing; Matt.27:45,51), het dit ook getuig van die antediluviaanse kruisiging. Toe die water van daardie afvallige vrou (die gewelddadige aarde) gebreek het, was dit die manifestasie van hul eie vernietiging van die Saad (Christus) wat hulle uitgedoof het en verdrink het in hul immorele, gewelddadige gedrag. Dit het die doodgebore ervaring meegebring.

> Job 22:15-17 Wil jy die pad van die ou tyd hou, wat die kwaaddoeners bewandel het, (16) wat gegryp is voor die tyd, wie se grondslag uitgegiet is soos 'n stroom, (17) **wat tot God gesê het: Bly ver van ons af!** en: Wat kan die Almagtige ons aandoen?

Dit is binne hierdie konteks wat die verhaal van Noag as 'n genadeboodskap gelees kan word. Die enigste manier waarop God se boodskap aan die wêreld benader kan word as 'n boodskap van genade, was dat die onvermydelike vernietiging 'n gevolg was van wat hulle aan Christus gedoen het. Die hele skepping word byeen gehou in Hom.

> Kolossense 1:17 En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand.

> Johannes 1:3 Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.

Net soos wat die blare van die bome begin val het in Eden, as 'n getuienis van die marteling van Christus nadat Adam gesondig het, net so het die natuur geboortepyne verduur, as gevolg van die antediluviane se verwerping en geweld.

> Jesaja 24:4-6 Die aarde treur, dit verwelk; die wêreld versmag, dit verwelk; en die hoogstes van die mense van die aarde versmag. (5) Want **die aarde is ontheilig onder sy bewoners**; want hulle het die wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek. (6**) Daarom verteer die vloek die aarde** en moet sy bewoners boet …

Romeine 8:22 Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe.

Indien God die een was wat die antediluviane met geweld vernietig het, het Hy dieselfde gees as Satan geopenbaar. Die boodskap van Noag was nie ‘n evangelie van dwang nie en daarom ook nie ‘n afpersingsbedrogspul nie. Die vloed was die gevolg van die mens se sondigheid, want sonde beïnvloed die aarde.

Levitikus 18:25-28 **So het die land dan onrein geword**; en Ek besoek sy ongeregtigheid daaraan, **sodat die land sy inwoners uitspuug**. (26) Maar júlle moet my insettinge en my verordeninge onderhou en niks van al hierdie gruwels doen nie die kind van die land of die vreemdeling wat onder julle vertoef. (27) Want die mense van die land, wat voor julle gewees het, het al hierdie gruwels gedoen, en **die land het onrein geword.** (28) **Laat die land julle dan nie uitspuug as julle dit verontreinig nie, soos dit die nasie uitgespuug het wat daar voor julle was.**

Let op die redes vir die vloed, soos hierbo uiteengesit:

1. **Die mens se natuurlike haat en geweld teenoor die Seun van God.**
2. **Die aarde was self ook verderf (in ’n gehawende en vernietigde toestand) en vol geweld, as gevolg van die geweld van die sondige inwoners.**
3. **God stuur in Sy genade ’n waarskuwing (nie ’n boodskap van dwang nie).**
4. **Die mens verwerp die genadige smeking van die Gees van Christus.**
5. **Die mensdom roep na God uit: “Gaan weg van ons!”**
6. **God tree sonder dwang op en gee die mens oor aan ’n slegte gesindheid; die mens word oorgelaat aan sy eie vernietiging.**
7. **“Toe sê die HERE: My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie” (Gen.6:3) en so word Sy Gees van die sondige mensdom onttrek.**
8. **Die mens ontvang die gevolge van sy eie keuses.**
9. **“Die land spuug sy inwonders uit” wanneer die aarde op ‘n**

**natuurlike wyse reageer op sy eie toestand van vernietiging en geweld.**

Satan het die mensdom in rebellie teen Sy Skepper gebring. Sy versoekings het meegebring dat hulle in daaglikse selfsug "die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak." (Hebreërs 6:6). Dit het gelei tot die onttrekking van die Gees van God van die aarde af, wat weer tot die vloed gelei het. Die mens se oordele en veroordelende gesindheid teenoor ander, insluitend die Seun van God, het oordeel oor hulself, selfveroordeling en selfvernietiging gebring.

> Matthéüs 7:22 Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word.
>
> Psalm 7:15-17 Kyk, hy is in barensweë van onreg en is swanger van moeite; hy baar leuens. (16) Hy het 'n kuil gegrawe en dit uitgehol; maar hy het geval in die vangkuil wat hy gemaak het. (17**) Die onheil wat hy gestig het, keer op sy hoof terug, en sy geweld kom op sy skedel neer**.
>
> **Spreuke 1:29-31** Omdat hulle die kennis gehaat en die vrees van die HERE nie verkies het nie, (30) van my raad nie wou weet nie, al my teregwysinge verag het, (31) **daarom sal hulle eet van die vrug van hulle wandel en versadig word van hulle planne.**

In beide die Ou Testament en die Nuwe Testament is Satan die vernietiger, terwyl God die Herskepper is.

> I Petrus 5:8 Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind.
>
> Johannes 10:10 Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek [Jesus] het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.

Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid (Hebreërs 13:8). Soortgelyk aan die Vader, verander Hy nie sy metodes om met mense te kommunikeer nie. "Want Ek, die HERE, het nie verander nie; en julle, kinders van Jakob, is nie verteer nie." (Maleági 3:6).

Dieselfde proses word oor en oor regdeur die Skrif gevolg. 'n Paar voorbeelde wat hierdie proses illustreer, is:

1. **Die vernietiging gedurende die vloed in die dae van Noag.**

2. **Die vernietiging van Sodom en Gomorra.**
3. **Die vernietiging van Egipte gedurende die uittog uit Egipte.**
4. **Israel se verwerping van Christus en die vernietiging van Jerusalem.**
5. **Die vernietiging gedurende die laaste dae.**

Al hierdie voorbeelde volg dieselfde proses.

# A. Die vernietiging van Beide Sodom en Egipte

Johannes skryf soos volg omtrent die vernietiging van beide Sodom en Egipte:

> Openbaring 11:8 en hulle [die twee getuienisse] lyke sal lê op die straat van die groot stad wat geestelik genoem word Sodom en Egipte, **waar ook onse Here gekruisig is**.

Aangesien Jesus fisies in Judea gekruisig is, is dit 'n geestelike kruisiging van Christus deur die inwoners van beide Sodom en Egipte, omdat hulle die laaste boodskap van genade verwerp het. Kom ons kyk opnuut na elkeen van hierdie voorbeelde.

# Die vernietiging van Egipte

In Eksodus 12:12 lees ons, "Want Ek sal in hierdie nag deur Egipteland trek en al die eersgeborenes in Egipteland tref, van mense sowel as van diere. En Ek sal strafgerigte oefen aan al die gode van Egipte, Ek, die HERE." Die vraag is of God direk die een is wat die dood bring op al die eersgebore seuns dwarsdeur die hele Egipte. Kom ons kyk na vers 24:

> Exodus 12:24 Want die HERE sal deurtrek om die Egiptenaars swaar te tref. Maar wanneer Hy die bloed sien aan die bo-drumpel en aan die twee deurposte, sal die HERE by die deur verbygaan en **die verderwer** nie toelaat om in julle huise in te gaan om te slaan nie.

Dit is duidelik dat dit nie God is wat hulle laat sterf het nie. Hulle het die geestelike kruisiging van Christus meegebring, Christus wat "die **Eersgeborene** van die hele skepping" is (Kolossense 1:15), wat beteken dat Hy die Een is deur wie God alle dinge geskape het (vers 16-17). Hulle verwerping van Christus, (die Eersgeborene van die hele skepping) het op hulle teruggekom en het die weg geopen dat vernietigende **bose engele/ongeluksbodes** toegelaat is om al hul

eersgeborenes dood te maak. Hoe weet ons dat dit bose engele is en nie God nie?

> Psalm 78:41-49 en hulle het **God opnuut versoek** en die **Heilige van Israel gekrenk**. (42) Hulle het nie aan sy hand gedink, aan die dag toe Hy hulle van die **teëstander** verlos het nie; (43) toe Hy sy tekens gedoen het in Egipte en sy wonders in die veld van Soan. (44) En Hy het hulle riviere verander in bloed en hulle strome, sodat hulle nie kon drink nie. (45) Hy het onder hulle steekvlieë gestuur [toegelaat] wat hulle verteer het, en paddas wat verwoesting oor hulle gebring het. (46) En Hy het hulle opbrings aan die kaalvreter gegee en die vrug van hulle werk aan die treksprinkaan. (47) Hy het hulle wingerdstok deur die hael doodgemaak [deur die afwesigheid van Sy teenwoordigheid] en hulle wildevyeboom deur ryp. (48) Ook het Hy hulle diere aan die hael oorgegee en hulle vee aan die blitse. (49) Hy het die gloed van sy toorn onder hulle gestuur, grimmigheid en woede en benoudheid [deur Sy teenwoordigheid te onttrek], **'n uitsending [vrylating] van <u>ongeluksbodes</u> [bose engele, sien KJV].**

Kort nadat Israel uit Egipte opgetrek het, lees ons dat hulle begin kla en murmureer het en dat hulle glo God het hulle na die woestyn uitgelei om hulle daar om te bring. Aangesien hulle oor honderde jare gebreinspoel is deur die Egiptiese afgodediens, was hul persepsies van die ware God verdraai. As gevolg van hulle murmurering vertel Numeri 21:6, "...toe stuur die HERE giftige slange onder die volk wat die volk gebyt het; en baie mense uit Israel het gesterwe. " Het God werklik hierdie giftige slange "gestuur", soos wat ons in ons natuurlike denke dit verstaan?

In Deuteronómium 8:15 word aangedui dat die giftige slange alreeds in die woestyn was terwyl die Israeliete veilig daardeur gereis het. Aangesien hulle buite God se beskermende muur beweeg het, is die giftige slange "gestuur" (toegelaat) om hulle te byt, nie om aspris te wees nie, maar volgens die inherente gevolge daarvan om Christus weer te kruisig, asook om hulself te distansieer van die enigste bron van lewe en beskerming.

> Prediker 10:8 Wie 'n kuil grawe, kan daarin val; en **een wat 'n muur afbreek, 'n slang kan hom byt.**

> 1 Korinthiërs 10:9-11 En laat ons Christus nie versoek soos ook sommige van hulle gedoen het nie, en hulle het deur die slange

> omgekom. (10) En moenie murmureer soos ook sommige van hulle gemurmureer het nie, en hulle het deur *die verderwer* omgekom. (11) Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as ‘n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het.

Die Griekse woord vir “verderwer” (vers 10) is ὀλοθρευτής (*olothreutés*) wat “giftige slang” beteken. Wie is hierdie giftige slang wat vernietig? Hy is “die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei.” (Openbaring 12:9).

## Die Vernietiging van Sodom en Gomorra

> Génesis 19:24-25 En die HERE het swawel en vuur oor Sodom en Gomorra laat reën van die HERE uit die hemel, (25) en Hy het hierdie stede omgekeer en die hele Jordaanstreek, ook al die inwoners van die stede en wat op die grond groei.

God sal tussenbeide tree om ons te red, deurdat Hy ons probeer weghou van die selfvernietigende gevolge van ons dade en gedagtes. Hy tree nie tussenbeide deur ons dood te maak nie, want Hy het nie nodig om dit te doen nie – ons menslike natuur lei ons onvermydelik tot vernietiging, maar dit benodig nie aktiewe inmenging van God nie. Hy tree tussenbeide om ons te red. Hoe nader ons beweeg aan ons vernietiging, hoe meer drasties tree Hy op om ons te red. Nogtans sal God ons besluite, wat die lot van ons siele raak, respekteer, al breek dit Sy hart.

> Eségiël 16:49-50 Kyk, dít was die ongeregtigheid van jou suster Sodom: In trotsheid, oorvloed van brood en sorgelose rus het sy en haar dogters geleef, maar sy het die hand van die arme en behoeftige nie versterk nie. (50) En toe hulle hoogmoedig was en gruwelikheid voor my aangesig bedryf het, het Ek, toe Ek dit sien, hulle weggeruim.

Hier word sommige van die gruwels van Sodom genoem. Ons het gesien dat die gruwels van die mensdom ‘n inherente gevolg plaas op die elemente van die aarde. (Levitikus 18; Jesaja 24:4-6).

Wat bedoel die Here wanneer Hy sê dat Hy hulle “weggeruim” het? God sê omtrent die Israeliete wat ook ‘n koning wou hê, soos die ander nasies:

> Hosea 13:9-11 **Dit is jou verderf**, o Israel, dat jy teen My, jou helper, is. (10) Waar is nou jou koning, dat hy jou kan verlos in al jou stede, en jou regters van wie jy gesê het: Gee my 'n koning en vorste? (11) **Ek gee jou 'n koning in my toorn, en Ek <u>neem hom weg</u> in my grimmigheid**.

Hoe het God koning Saul weggeneem (of weggeruim)? 1 Kronieke 10 vertel ons "En Saul het gesterwe weens ontrou wat hy teen die HERE begaan het … Daarom het Hy hom omgebring en die koningskap laat oorgaan op Dawid, die seun van Isai." (vers 13-14). Maar het God werklik Saul se lewe geneem? Nie volgens vers 3-6 nie, want dit dui aan dat Saul selfmoord gepleeg het:

> 1 Kronieke 10:3-6 En toe die geveg swaar word teen Saul en die boogskutters hom aantref, het hy gebewe van angs vir die skutters. (4) En Saul het aan sy wapendraer gesê: **Trek jou swaard uit en deurboor my daarmee**; anders kom hierdie onbesnedenes en dryf die spot met my. Maar sy wapendraer wou nie, omdat hy baie bevrees was. **Daarop neem Saul die swaard en val daarin**. (5) Toe sy wapendraer sien dat Saul dood was, val hy self ook in die swaard, sodat hy gesterf het. (6) So het Saul en sy drie seuns dan gesterwe; en sy hele huis, almal saam, het gesterwe.

Soos Israel en Saul, was Sodom en Gomorra se "verderf" dat hulle teen God gedraai het (Hosea 13:9). Deur God se teenwoordigheid op eie aanvraag te verwyder uit die twee stede, het hulle selfvernietiging oor hulself gebring, omdat hulle geestelike selfmoord gepleeg het.

God se engele is nie gestuur om persoonlik die stede te vernietig nie, maar die reaksie van die inwoners van Sodom op hierdie engele het die genadedeur in hul eie gesigte toegemaak, want hulle het nie geglo in genade nie. Ook Jesus "het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie." (Johannes 1:11), en net so het die engele gekom om te werk in die harte van die dwalende inwoners van Sodom om hulle terug te bring na 'n veilige hawe. Ongelukkig het hulle hul harte verhard, daarom is die inwoners van hierdie stede vernietig deur die werk van die engele, wat gekom het om hulle te red – net soos Farao Egipte vernietig het deurdat hy die oproepe van Moses, om die volk te laat trek, weerstaan het.

God het die verdorwe aarde se vibrasies aangevoel. Dit verduidelik waarom Hy

die geroep oor Sodom en Gomorra en die omliggende stede aangehoor het en hulle probeer red het:

> Gen 18:20-21 Verder het die HERE gesê: **Die geroep oor Sodom en Gomorra is waarlik groot, en hulle sonde is waarlik baie swaar**. (21) Ek wil neerdaal en sien of hulle werklik gehandel het **soos die geroep oor hulle** is wat by My gekom het; en so nie, Ek wil dit weet.

Die vibrasies wat afkomstig was van die oortredinge van Sodom en Gomorra het ‘n baie harde roep geword. Deur die vibrasies van onder hierdie stede, wat drasties verander het, het God gevoel dat iets baie ontstellend besig was om plaas te vind. Hy kon aanvoel dat hierdie mense deur hul wetteloosheid hul einde op hulself gebring het, sonder dat hulle dit vermoed. Die resonansie van daardie stad het die Vader se hart geweldig baie seer gemaak.

Hierdie geroep van Sodom en Gomorra se verdorwenheid en ongeregtigheid was baie sterk op ons Vader se sagmoedige hart. Die moord van net een man, die regverdige Abel, wat die aarde laat eggo het, het gelei tot die volgende woorde van God aan Kain:

> Génesis 4:10-12 En Hy sê: Wat het jy gedoen? **Die stem van die bloed van jou broer roep na My van die aarde af**. (11) Daarom sal jy vervloek wees, ver van die grond wat sy mond oopgemaak het om die bloed van jou broer uit jou hand te ontvang. (12) As jy die grond bewerk, **sal dit sy vermoë aan jou nie meer gee nie**; ‘n swerwer en vlugteling sal jy wees op die aarde.

Let op hoe die uitroep van Abel se bloed die aarde beïnvloed het. Kan ons die lyding van die Vader en Sy Seun in hierdie woorde lees? Die vibrasies van een man se ongeregtigheid het geweldig baie pyn gebring aan Hulle harte. Ons kan maar net wonder omtrent die effek van die uitroepe van 'n groot massa mense se opgehoopte en gekonsentreerde ongeregtighede. As gevolg van die intieme verbintenis tussen die mens en die aarde kon ‘n storm teweeg gebring word, selfs net deur ‘n klompie mense se rustelose gedagtes en gevoelens. “Want hulle saai wind, maar hulle sal storm maai.” (Hosea 8:7)

Niks kan inderdaad sonder God se toestemming plaasvind nie. Tog beteken dit nie dat die houe direk van Hom afkomstig is nie. Kom ons ondersoek die betekenis van die woord “omkering”:

Deuteronómium 29:23 ook swawel en sout deurdat sy hele oppervlakte uitgebrand is, wat nie besaai word en niks laat uitspruit nie, waarin hoegenaamd geen plante opslaan nie, soos die **omkering** (H4114) van Sodom en Gomorra, Adma en Sebóim wat die HERE in sy toorn en in sy grimmigheid **omgekeer** (H2015) het.

Wanneer Moses die lot van hierdie stede beskryf, gebruik hy twee werkwoorde wat as woorde verwant aan "omkering" en "omgekeer" vertaal word. Die eerste ene (H4114) dui meer vernietiging aan, maar die tweede ene beteken iets anders:

#H2015 Strong's Concordance

הפך

Hâphak (uitgespreek: haw-vak)

ENGELS: A primitive root; to *turn* about or over; by implication to {*change*} *overturn* {*return*} *pervert:* - X {become} {change} {come} be {converted} {give} make [a {bed}] overthrow ({-turn}) {perverse} {retire} {tumble} turn ({again} {aside} {back} to the {contrary} every way).

VERTAAL NA AFRIKAANS: om te draai; omdraai; verander; omslaan; verderf; word verander; word bekeer; om 'n bed op te maak; omvergooi; word verderf; afgetree; omval; wend; draai weer; draai weg; draai terug; andersom; elke weg.

Die tweede woord se betekenis dui op een of ander omkering. Die mees algemene gebruik van hierdie woord is *"turn"/omdraai/wend*. Dieselfde woord word in die volgende vers gebruik om te wys dat God 'n vervloeking in 'n seën verander.

Nehemia 13:2 omdat hulle die kinders van Israel nie teëgekom het met brood en water nie, en Bíleam teen hulle gehuur het om hulle te vervloek; maar onse God het die vloek in 'n seën **verander.** [H2015].

Dieselfde woord word gebruik om die bekering van Saul na God te beskryf:

I Samuel 10:9 En net toe hy sy skouer draai om van Samuel af weg te gaan, het God sy hart **verander** [H2015], en al hierdie tekens het op dié dag uitgekom.

Dieselfde woord word gebruik om die verandering van Egipte se gesindheid teenoor die Israeliete te beskryf:

Psalm 105:23-25 Toe het Israel na Egipte gekom, en Jakob het as vreemdeling vertoef in die land van Gam. (24) En Hy het sy volk baie vrugbaar gemaak en dit meer versterk as sy teëstanders. (25) Hy het hulle hart **verander** [H2015], om sy volk te haat, om listig teen sy knegte te handel.

Hoe het die Here die Egiptenare teen die Israeliete laat draai? Hy het Josef gestuur om hulle te seën. Deur Josef het hulle 'n ryk en kragtige nasie geword, maar soos die tyd verbygegaan het, het "daar 'n nuwe koning oor Egipte op [gestaan] wat niks van Josef geweet het nie" (Exodus 1:8), wat aan sy mense gesê het...

Exodus 1:9-11 Kyk, die volk van die kinders van Israel is meer en magtiger as ons. (10) Kom, laat ons 'n slim plan teen hulle beraam, sodat hulle nie kan vermeerder nie, en as ons in oorlog geraak, hulle ook nie by ons vyande aansluit en teen ons veg en uit die land optrek nie. (11) Daar is toe opsigters van dwangarbeid oor hulle aangestel om hulle met harde arbeid te verdruk...

Die voorsiening van die Here, wat bedoel was om die harte van die Egiptenare na die ware God te wend, het veroorsaak dat hulle teen Hom gedraai het. In plaas daarvan om dankbaarheid te betoon aan die God van die hemel, het hulle die keuse gedoen om te vermoed dat Israel probeer het om hulle omver te werp en om beheer van die nasie oor te neem. Die volgende argeologiese inligting, gevind op *biblearchaeology.org*, kan ons 'n beter idee gee oor hoe die stede Sodom en Gomorra deur hul eie ongeregtighede omvergewerp of 'omgekeer' is en nie direk deur die Here nie:

Die Bybel gee 'n gedetailleerde beskrywing van die rampspoed wat die Stede van die Vallei getref het. In daardie beskrywing is twee Hebreeuse frases en 'n Hebreeuse woord wat ondersoek moet word om die gebeurtenis te verstaan: [1] *goprit wa es*, die materiaal wat oor die stede geval het (Gen 19:24), [2] *hapak*, wat gebeur het met die stede (Gen 19:25), en [3] *keqitor hakkibsan*, wat Abraham opgemerk het (Gen 19:28). Die woord *goprit* is 'n vreemde leenwoord, waarskynlik afgelei van Akkadiese *ki/ubritu*, wat swaelagtige olie (swart swael) beteken (Gentry, 1999). Die woorde saam met *goprit*, *wa es*, beteken doodeenvoudig 'en vuur'. Met ander woorde, die materiaal wat op Sodom en Gomorra en die Stede van die Vallei geval het (behalwe op Soar) was 'n brandende petroleumproduk. Die term *hapak* beteken omverwerping of omkering.

Toe Abraham neerkyk op die toneel van verwoesting, sien hy rook opkom uit die land van die vlakte, *keqitor hakkibsan*, “soos die rook van ‘n smeltoond.” 'n *Kibsan* is 'n pottebakkery-oond (Wood, 1992). Lug wat deur 'n pottebakkery-oond beweeg, doen dit deur 'n geforseerde trek as gevolg van die verhitting van die lug. Die rook wat uit 'n oond kom, word by die uitgangskanaal uitgestoot en opwaarts in die lug gedruk. Dit is wat Abraham opgemerk het — rook vanaf die vallei is opwaarts gestoot. Die woord wat gebruik word vir rook, *qitor*, is nie die woord wat gebruik word vir rook van 'n gewone vuur nie. Dit is eerder 'n digte rook, die rook wat van offers kom. Dit is duidelik dat hier iets onnatuurliks of buitengewoon opgeteken is.
(post/2008/04/The-Discovery-of-the-sin-of-Sodom-and-Gomorrah.aspx)

Die stede Sodom en Gomorra was op die Siddimvlakte geleë. Net soos die giftige slange reeds in die woestyn was en teengehou is deur die beskerming van die Here, vertel Génesis 14:10, “In die Siddimvlakte was daar oral asfaltgate.” (AFR83). Dit verduidelik waarom Amos en Petrus beide aandui dat God Sodom en Gomorra omgekeer het:

Amos 4:11 Ek het <u>julle</u> **omgekeer** soos God Sodom en Gomorra **omgekeer** het, sodat <u>julle soos ‘n stuk brandhout was wat uit die vuur geruk is</u>—nogtans het julle jul tot My nie **bekeer** nie, spreek die HERE.

2 Petrus 2:6 en deur die stede van Sodom en Gomorra tot as te verbrand, hulle **tot <u>ondergang</u> veroordeel** het en as ‘n voorbeeld gestel het vir die wat in die toekoms goddeloos sou wees. (AFR53)

*2 Peter 2:6* And **turning** the cities of Sodom and Gomorrha into ashes **condemned them <u>with an overthrow</u>**, making them an ensample unto those that after should live ungodly. (KJV)

Die ondergang of omverwerping het plaasgevind omdat die Seun van God nie langer die las van swaarkry, wat die Sodomiete aan die skepping toegedien het, kon dra nie. Wat met Sodom gebeur het, is nie deur geweld of deur enigiemand se inmenging gedoen nie.

Klaagliedere 4:6 Want die ongeregtigheid van die dogter van my volk was groter as die sonde van Sodom **wat soos in ‘n oomblik omgekeer is, sonder dat iemand die hand daaraan geslaan het.**

> Nuwe Lewende Vertaling: My volk se skuld is groter as dié van Sodom, **wat in 'n oomblik vernietig is sonder dat iemand kon keer**.

Die aarde is oopgeruk deur die teer wat daaruit gebars het. God het Sodom en Gomorra omvergewerp deur hulle aan hul eie veragtelike denke oor te gee. Dit is presies wat die Here gesê het aangaande Adma en Seboim - twee ander nabygeleë stede wat saam met Sodom en Gomorra vernietig is:

> Hosea 11:8 Hoe kan **Ek jou oorgee**, o Efraim, **jou prysgee**, o Israel? Hoe kan Ek jou maak **soos Adma**, jou gelykstel met **Seboïm**: my hart is omgekeer in My, tegelykertyd is my medelyde opgewek.

Die voorsiening van hierdie voorbeelde dui daarop dat die Here hulle oorgelaat het aan die gevolge van hul eie keuses – iets wat die Vader baie marteling bring.

> Jesaja 3:9 Die uitdrukking van hulle gesig getuig teen hulle, en **hul sonde maak hulle bekend, soos Sodom**, sonder om iets weg te steek. Wee oor hulle siel, want **hulle doen hulself kwaad aan!**

Die wonderbaarlikste ding van die Hebreeuse woord vir "omkering" of "omverwerping" is dat dieselfde woord gebruik word om die *bekering* van die nasies na die waarheid te beskryf.

> Jesaja 60:1-5 Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlikheid van die HERE gaan oor jou op. (2) Want kyk, die duisternis sal die aarde oordek en donkerheid die volke; **maar oor jóu sal die HERE opgaan, en sy heerlikheid sal oor jou gesien word.** (3) **En nasies sal trek na jou lig, en konings na jou stralende opgang**. (4) Slaan jou oë rondom op en kyk—hulle almal kom bymekaar, hulle kom na jou toe; jou seuns kom van ver, en jou dogters word op die heup gedra. (5) Dan sal jy dit sien en straal van vreugde, en jou hart sal ontroer en verruim word; want die rykdom van die see **<u>gaan</u> na jou toe <u>oor</u>** [H2015], die skatte van die nasies kom na jou toe aan.

In hierdie sin sal mens na God "oorgaan" wanneer jy jou tot God bekeer. Dit kom alles neer op jou reaksie wanneer God se medelye jou wil red van self-vernietiging. Hoe verstaan ons die woorde van die engel aan Lot:

> Génesis 19:13 want **ons gaan hierdie plek verwoes**, omdat die geroep oor hulle groot is voor die aangesig van die HERE, en **die HERE het ons gestuur om dit te verwoes**.

Die siel se verderwing kom altyd as 'n reaksie op die verwerping van tydige lig. Die

lig wat die Here aan die inwoners van Sodom deur Lot gestuur het, was tot ‘n groot mate verduister deur sy kompromieë en sy aanpassing by daardie mense se kultuur. Hy was byvoorbeeld bereid om sy dogters oor te gee aan daardie bose manne ter wille van die veiligheid van sy besoekers.

> Génesis 19:4-8 Hulle het nog nie gaan slaap nie toe die manne van die stad, die manne van Sodom, die huis omsingel: jonk en oud, die hele bevolking, almal saam. (5) En hulle het na Lot geroep en aan hom gesê: Waar is die manne wat vannag na jou gekom het? Bring hulle na ons toe uit, dat ons hulle kan beken. (6) Daarop gaan Lot na hulle toe uit voor die ingang en sluit die deur agter hom toe (7) en sê: My broers, moet tog nie kwaad doen nie. (8) **Kyk tog, ek het twee dogters wat geen man beken het nie; laat ek dié na julle uitbring, en doen met hulle soos dit goed is in julle oë.** Net aan hierdie manne moet julle niks doen nie, want daarom het hulle onder die skaduwee van my dak ingekom.

Die volgende vers gee ons ‘n kykie in die ware motief van Lot:

> Génesis 19:9 Toe antwoord hulle: Gee pad daar! En hulle sê: Hierdie een het gekom om hier as vreemdeling te vertoef en wil tog gedurig die baas speel. **Nou sal ons jou meer kwaad doen as aan hulle.** En hulle het sterk op die man, op Lot, aangedring en nader gekom om die deur oop te breek.

Lot se motief was om die skare se geweld weg te trek van die twee engele en deur ‘n daad van gasvryheid wou hy die geweld op homself laat neerkom. Dit ontbloot die feit dat hy, soos enige ander liefdevolle vader, geen plan gehad het om sy dogters aan hulle te gee nie. Nogtans het hy soveel jare in hierdie bose stad te midde van ongeloof gewoon, dat sy geloof begin uitdoof het. Die engele moes die werk van God, wat Lot nie kon voltooi nie, doen sodat die geregtigheid, heiligheid en liefde van God meer volledig openbaar word op ‘n wyse wat sonde uitlig. Hierdie getuienis was soos vuur in hul siele. Indien hulle van hul sondes bekeer het in die aangesig van die openbaring van die heerlikheid van God, was die oordele op daardie stad gekanselleer, maar in plaas daarvan word hul woede soos die gebrul van ‘n storm.

> Génesis 19:10-11 Maar die manne het hulle hand uitgesteek en Lot by hulle in die huis gebring en die deur toegesluit. (11) **Toe slaan hulle**

> **die manne wat by die ingang van die huis was, klein en groot, met blindheid**, sodat hulle tevergeefs na die ingang gesoek het.

Ons let op dat die engele na die stad gekom het in die vorm van mans, sodat die mans van Sodom, wat deur bose hartstogte aangevuur was, die perversiteit van hul bose harte openbaar het deur seksuele dade met hulle te begeer. Om dieselfde rede het God se engele die wiele van die Egiptiese waens afgehaal (Eks.14:23-25, sien KJV). Hierdie blindheid van die manne was ook 'n waarskuwende smeking om hulle te bekeer en op te hou met wat hulle besig was om te doen. Ongelukkig was hierdie daad soos olie op die vuur; hul weiering om hulle te bekeer was die hoogtepunt van hul sondeskuld, sodat die stad verdoem was. Geen hand het die stad aangeraak nie. Die verontreiniging van die stad het dit vernietig.

Die engele het geweet dat hul genadige uitnodiging aan die inwoners van Sodom en Gomorra hul harte sal omkeer [H2015] en totaal verhard, wat tot hul vernietiging sou lei. Die inwoners se reaksie op die engele het veroorsaak dat hulle die perke oorskrei het, sodat hulle in hul gewete gebrandmerk is (1 Timotheus 4:2) en hul vermoë om te bekeer totaal verlore gegaan het.

Die Here het in afwagting op hulle gewag tot die laaste geleentheid vir bekering verdwyn het; want "Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom." (2 Petrus 3:9)

Die vernietiging het gebeur, nie omdat daar niemand was wat hulle *sou* bekeer nie, maar omdat daar niemand was wat *kon* bekeer word nie, as gevolg van hulle bose gemoedere. Net soos die ark se deur, is hierdie deur ook toegesluit.

## B. Die Vernietiging van Jerusalem

> Handelinge 13:27-28,42,44-46 Want die inwoners van **Jerusalem** en hulle owerstes het Hom nie geken nie, en **deur Hom te veroordeel**, het hulle die woorde van die profete vervul wat elke sabbat gelees word. (28) En al het hulle niks gevind wat die dood verdien nie, **tog het hulle van Pilatus gevra dat Hy omgebring moes word**… (42) En toe die Jode uit die sinagoge gaan, het die heidene versoek dat daardie woorde op die volgende sabbat tot hulle gespreek sou word… (44) En op die volgende sabbat het byna die hele stad saamgekom om die woord van God te hoor. (45) Maar toe die Jode die skare sien, is hulle **met nydigheid vervul** en het met lasterlike woorde weerspreek wat deur

Paulus gesê is. (46) Maar Paulus en Bárnabas het vry-uit gespreek en gesê: Dit was noodsaaklik dat die woord van God aan julle eers verkondig moes word. Aangesien julle dit egter verwerp en **julleself die ewige lewe nie waardig ag nie**—kyk, ons wend ons tot die heidene.

Matthéüs 23:37-39 Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie! (38) Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat! (39) Want Ek sê vir julle: Julle sal My van nou af sekerlik nie sien nie totdat julle sal sê: Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!

Die vernietiging van Jerusalem is 'n demonstrasie van Satan se veroordelende, afgunstige en wraaksugtige mag. Deur hulself buite die beskerming van God se Gees (teenwoordigheid) te plaas, het hulle die deur oopgemaak vir die vernietiger (Satan) om in te kom en hulle te vernietig. Soos hul voorvaders voor hulle, het hulle hulself buite die beskermingsmuur geplaas, sodat die giftige slang (die vernietiger) hulle kon byt.

Ja, daar is baie plekke in die Skrif wat lyk of dit aandui dat God self die vernietiging bring. Génesis 6:7 sê, "En die HERE sê: **Ek sal die mens wat Ek geskape het, van die aarde verdelg**, die mens sowel as die vee en die kruipende diere en die voëls van die hemel; want dit berou My [dit bring erge jammerte/medelye] dat Ek hulle gemaak het."

Dink daaraan dat dit alles ooreenstem met hul eie keuse om die Seun van God opnuut te kruisig en Sy barmhartige Gees te bedroef. Hulle roep uit: "Gaan weg van ons af! ... Kruisig Hom! Kruisig Hom!" Die natuurlike effek van die teenwoordigheid van God wat van hulle afwyk, "veroorsaak" of nog beter, "laat die vernietiging toe." God tree nooit op uit dwang of teen ons vrye wil nie. Hy gee die mens oor aan hul eie begeertes. Gedurende die tyd van die vloed was die aarde nie so verdorwe dat dit vernietig moes word nie; dit was so verdorwe dat selfvernietiging *onvermydelik* was. Die Gees van Christus het deur Noag, "die prediker van geregtigheid" (2 Petrus 2:5), 'n genadige waarskuwing vir 120 jaar gegee terwyl die Ark gebou is. (Génesis 6:3).

Nog 'n goeie voorbeeld hiervan word gevind in 2 Samuel 24:1 wat sê: "En die toorn van die HERE het weer teen Israel ontvlam, en Hy het Dawid teen hulle aangehits en gesê: Gaan tel Israel en Juda." Wanneer ons egter van dieselfde

voorval in 1 Kronieke 21:1 lees, staan daar: “Toe het Satan teen Israel opgetree en Dawid aangehits om Israel te tel.” Hier leer ons twee baie belangrike waarhede.

**1.** Soos Adam Clarke in sy klassieke kommentaar skryf: “Die Skrif stel God herhaaldelik voor as *Een wat doen* wat Hy in die verloop van sy voorsienigheid slegs *toelaat* of verdra.”

**2.** God se woede word nie geopenbaar deur sy vyande gewelddadig aan te val nie, maar deur in trane sy teenwoordigheid op hul versoek te verwyder en sodoende die teëstander (Satan) toe te laat om beheer te neem. God herinner ons daaraan dat sy weë nie ons weë is nie en dat sy toorn (woede) nie soos ons s'n is nie:

> Jesaja 55:8-9 Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. (9) Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes.
>
> Jakobus 1:19-20 So dan, my geliefde broeders, elke mens moet gou wees om te hoor, stadig om te praat, stadig om toornig te word. (20) **Want die toorn van ‘n man bewerk nie die geregtigheid voor God nie**.

Dit is interessant om op te let dat die Romeinse leier Titus tydens die vernietiging van Jerusalem die tempel in Jerusalem wou bewaar. Tog was sy leër oorval met 'n gees van chaos en wanorde, en Titus het beheer oor die situasie verloor.

Die verskil tussen die vernietiging van Jerusalem en die vernietiging tydens die vloed word gevind in die verskil tussen die onbeteuelde Romeinse leër en die onbeteuelde natuurelemente en bes moontlik ook onbeteuelde bose engele, soos in die geval van die vernietiging van Egipte.

Dit is maklik om te sien dat Romeinse soldate, onder die beheer van Satan, Jerusalem vernietig het. Dit is nie so maklik om in te sien hoe die gewelddadige beginsels van Satan toegelaat word om in die natuur te manifesteer, asook moontlik in Satan se eie volgelinge. In die geval van die vloed het Satan nie die natuur beheer nie, maar die natuur is toegelaat om sy eie beeld te weerspieël, in teenstelling met die beeld van Christus. Soos in die geval van ‘n mal wetenskaplike het Satan se kwaadwillige en gewelddadige “eksperimente” in sy gesig ontplof. Christus doen alles ordentlik, gepas en orderlik (1 Korintiërs

14:40), terwyl Satan ‘n chaotiese en gewelddadige aard het. Satan se oorlogsgees is toegelaat om in die elemente te manifesteer.

Dit is maklik vir ons om te sê dat iemand wat gewelddadig en chaoties optree onder die invloed van Satan is, maar wanneer die natuur self toegelaat word om hierdie denke te weerspieël, word ons in die versoeking gebring om dit aan God toe te skryf en dit “dade van God” te noem. Tog is ons Vader nie 'n chaotiese, wanordelike wese nie (1 Korinthiërs 14:33). Wanneer die natuur wanordelik raak, gebeur dit omdat dit toegelaat is om die denke en gees van chaos te weerspieël, omdat die Skepper daarvan finaal en volledig verwerp is. Die mens is heerskappy oor die aarde gegee:

> Psalm 8:5-7 **Wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek?** (6) U het hom ‘n weinig minder gemaak as ‘n goddelike wese en hom met eer en heerlikheid gekroon. (7) **U laat hom heers oor die werke van u hande**; U het alles onder sy voete gestel.

Wanneer Christus finaal en volkome verwerp word, word die heerskappy, wat aan die mens gegee is, oorgegee om die denke van die een wat deur die inwoners gekies is, te weerspieël – “die aarde sal vir jou dorings en dissels laat uitspruit.” (Genesis 3:18). Gestel ‘n vader gee aan sy seun ‘n motor; gestel sy seun gaan om met roekelose en onbeteuelde vriende. Word die vader daarvan beskuldig dat hy sy seun vermoor het as die seun en die motor in 'n roekelose ongeluk betrokke is? Hierdie voorbeelde gee ons 'n profetiese blik op wat in die laaste dae sal plaasvind.

## C. Die vernietiging van die Laaste Dae

Jesus het gesê:

> Lukas 17:26-30 En **soos dit gebeur het in die dae van Noag, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens [Jesus]**: (27) hulle het geëet en gedrink, hulle het getrou en is in die huwelik gegee tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het, en die sondvloed gekom en almal vernietig het. (28) **Net soos dit ook gebeur het in die dae van Lot**: hulle het geëet en gedrink, gekoop en verkoop, hulle het geplant en gebou. (29) Maar op die dag toe Lot van Sodom uitgaan, het vuur en swawel van die hemel af gereën en

almal vernietig. (30) **Net so sal dit wees in die dag wanneer die Seun van die mens [Jesus] geopenbaar word**.

Judas herhaal dit:

Judas 7 …soos **Sodom en Gomorra** en die stede rondom hulle, wat op dieselfde manier as hierdie mense gehoereer en agter vreemde vlees aangeloop het, **as 'n voorbeeld gestel is, terwyl hulle die straf van die ewige vuur ondergaan**.

Hierdie "ewige vuur" is nog 'n gevolg van die ontheiliging van die land:

Jesaja 24:5-6 Want die aarde is ontheilig onder sy bewoners; … (6) Daarom verteer die vloek die aarde en moet sy bewoners boet; daarom word die bewoners van die aarde deur 'n gloed verteer [*verbrand* - AFR83] en bly daar min mense oor.

Soos in die dae van Noag en soos in die dae van Lot, sal die mensdom in die laaste dae die Seun van God weer in hulle midde kruisig. In Openbaring 19 sien Johannes 'n visioen van die wederkoms en Jesus wat op 'n wit perd ry. "En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die KONING VAN DIE KONINGS en HEER VAN DIE HERE." (Openbaring 19:16). In vers 19 lees ons hoe die leiers van die aarde weer probeer om Jesus dood te maak:

Openbaring 19:19 En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, **om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit**, en teen sy leër.

Daardie dag, "wanneer die Seun van die mens [Jesus] geopenbaar word" sal hulle egter vernietig word deur "die glans van sy verskyning" (2 Thessalonicense 2:8). Weereens is dit nie Jesus wat diegene wat Hom verwerp, direk vernietig nie. Die vernietiging kom as gevolg van *die manier waarop* die onberouvolle sondaar *reageer* op die liefdevolle teenwoordigheid van ons heilige Verlosser. Johannes sê: "En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige." (Openbaring 19:15).

Let op dat die skerp swaard uit Jesus se mond kom (en nie in sy hand gereed om diegene wat Hom verwerp in stukke te kap nie). Hierdie swaard is Sy woord van waarheid:

Efésiërs 6:17 En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees—dit is die woord van God.

Hebreërs 4:12 Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.

Hy sal die nasies met sy swaard verslaan - Sy woord van waarheid - en dit sal hulle oortuig, sodat dit selfveroordeling en selfoordeel sal bring, omdat hulle nie in God se ewige barmhartigheid glo nie. Omdat hulle Sy inwonende teenwoordigheid verwerp het, sal hulle nie in daardie "glans" van Sy liefde kan staan nie. Onthou, die verwydering van God se teenwoordigheid is Sy toorn en woede. Hulle sal aan hul eie vernietiging deur vuur oorgelaat word. Wat is hierdie vuur? God se verterende liefde:

Hooglied 8:6 Dra my soos 'n seëlring op u hart, soos 'n seëlring op u arm; want **liefde is sterk soos die dood**, die liefdes-ywer is hard soos die doderyk, **sy gloed is 'n gloed van vuur, 'n vlam van die HERE.**

Romeine 12:17-21 **Vergeld niemand kwaad vir kwaad nie**; bedink wat goed is voor alle mense; (18) as dit moontlik is, sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. (19) Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here. (20) **As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop. (21) Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.**

God se manier van "wraak" is duidelik – om ander met 'n ewige liefde lief te hê! Hierdie onbaatsugtige liefde hoop kole vuur op Sy vyande, wat een van twee dinge tot gevolg sal hê.

**1.** Dit sal die sonde vernietig en die vyand in 'n vriend verander.

**2.** Dit sal die vyand verteer wat God se barmhartigheid opsetlik verwerp en vashou aan sy geliefkoosde sondetjies wat verteer word.

Soos Farao wat sy hart verhard het teenoor die genade van God (Eksodus 8:31-32), reageer mense verskillend op 'n evangelie van onbaatsugtige liefde:

> 2 Korinthiërs 2:14-16 Maar God sy dank wat ons altyd laat triomfeer in Christus en wat die reuk van sy kennis deur ons oral versprei. (15) Want ons is 'n aangename geur van Christus tot eer van God onder die wat gered word en onder die wat verlore gaan; (16) **vir die laaste [wat verlore gaan] 'n reuk van die dood tot die dood, maar vir die eerste [wat gered word] 'n reuk van die lewe tot die lewe.** En wie is tot hierdie dinge bekwaam?

Hoewel baie in die laaste dae tot bekering sal kom of na die waarheid sal draai, sal die meerderheid van die wêreld hul harte teen die waarheid en teen God se volk verset en probeer om hulle te vernietig (Johannes 16:2; Openbaring 13). Dit is waarom net diegene wat God se onvoorwaardelike liefde en barmhartigheid aanvaar, vir ewig in die vernietigende vuur sal kan leef.

> Jesaja 33:11-15 Julle gaan swanger van strooi, julle sal stoppels baar; **julle geblaas [asem] is 'n vuur wat julle sal verteer**. Dan word die volke 'n kalkbrandery, afgekapte doringbosse wat met vuur verbrand word. Hoor, julle wat ver is, wat Ek gedoen het; en julle wat naby is, erken my mag! Die sondaars in Sion bewe, siddering het die roekelose aangegryp. Hulle sê: **Wie van ons kan woon by 'n verterende vuur, wie van ons kan woon by 'n ewige gloed? Hy wat in geregtigheid wandel en spreek wat reg is, wat gewin deur afpersinge versmaad, wat sy hande uitskud om geen omkoopgeskenk aan te gryp nie, wat sy oor toestop om van geen bloedskuld te hoor nie, en sy oë sluit om wat sleg is, nie te sien nie**.

Diegene wat die Seun van God en Sy waarheid met betrekking tot die karakter van Sy Vader verwerp, sal nie vir ewig in vuur leef om ewige marteling te ervaar nie. Petrus en Judas het gesê dat Sodom en Gomorra deur "ewige vuur" tot "as" verbrand is as 'n voorbeeld van diegene wat goddeloos lewe (2 Petrus 2: 6; Judas 7) en Maleagi sê duidelik dat die goddelose "sal soos stof [as] wees onder julle voetsole." (Maleagi 4: 3, sien KJV).

Ons het gesien dat God alle dinge deur Sy Seun geskape het en in Christus "hou alle dinge stand" (Kolossense 1:15-17). Psalm 33:3,9 sê:

> **Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak** en deur die Gees van sy mond hulle hele leër… want Hy het gespreek, en dit was; Hy het gebied, en dit staan.

Die Skrif vertel ons dat Jesus die vlees-geworde "Woord van God" is (Johannes 1: 1; Openbaring 19:13). Dit is waarom Johannes die swaard uit Sy mond sien kom het. Die mense voor die vloed het nie besef dat dit die krag van Christus was wat die elemente van die wêreld bymekaar gehou het nie. Petrus toon aan dat dieselfde proses wat gelei het tot 'n vloed van water, ook sal lei tot die vurige vloed na die millennium, en soos die eerste veroorsaak is deur die kruisiging van die lewende Woord van God (Jesus), so sal die laaste veroorsaak word deur 'n soortgelyke proses.

> 2 Petrus 3:3-7 Dit moet julle veral weet, dat daar aan die einde van die dae **spotters** sal kom wat volgens hulle eie **begeerlikhede** wandel en sê: Waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af. Want moedswillig vergeet hulle **dat daar van lankal af hemele was en 'n aarde** wat uit water en deur water ontstaan het **deur die woord van God**, waardeur <u>die toenmalige wêreld met WATER oorstroom is</u> en vergaan het. Maar die teenswoordige hemele en die aarde is **deur dieselfde woord [Christus]** as 'n skat weggelê en word vir <u>die VUUR</u> bewaar teen die dag van die oordeel en die verderf van die goddelose mense.

> Jeremia 23:29 **Is my woord nie só, soos 'n vuur**, spreek die HERE, en soos 'n hamer wat 'n rots vermorsel nie?

Die "vuur van die hemel" bring die dood wat die gevolg is van die mens se selfveroordeling deur nie in God se eindelose genade te glo nie. Die oordeel oor hulself is dat hulle onwaardig is om die ewige lewe te ontvang, net soos met Ananias en Saffira gebeur het (Handelinge 5:1-11); die intense selfveroordeling verteer hulle tot die ewige dood. Jesus het gesê dat mense sal ingee, omdat "mense se harte [sal] beswyk van vrees." (Lukas 21:26).

> Hosea 7:6 Ja, hulle het hul hart gemaak soos 'n oond in hul arglistigheid; die ganse nag deur slaap hulle bakker, in die môre vroeg brand dit [hul harte/skuldgevoel] soos 'n vuurvlam.

Hulle sal nie in die teenwoordigheid van God, wat liefde is, kan staan nie (1 Johannes 4:8) – 'n ewige liefde wat 'n "verterende vuur" is vir dié wat God se liefdevolle en onselfsugtige karakter haat (Deut.4:24; Jes.10:17-18; Hebr.12:29). Sien asseblief die boekie *Verterende Vuur, Geur van Lewe of Vuur van Marteling?* (op *vadervanliefde.com*) vir 'n volledige verduideliking hiervan.

## Die Dood word deur Sonde Veroorsaak, nie deur God nie

Dit was so van die begin af. God het aan Adam in die tuin gesê:

> *Génesis 2:17* maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe.

Dit is duidelik uiteengesit wat die oorsaak van hierdie dood is:

> Romeine 6:23 Die loon van die sonde is die dood.

Deur van die boom van die kennis van goed en kwaad te eet, het beteken dat Adam self kon besluit wat goed en wat kwaad is. Hy het aanvaar dat hy beter as God geweet het wat die beste vir homself was. Hierdie denkwyse volg 'n duidelik omskrewe proses:

> Jakobus 1:14-15 Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word. Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde…

Versoeking lei tot begeerlikhede wat tot sonde lei en wat tot die dood lei. God is nie die bewerker van sonde nie, daarom kan God nie hierdie loon aan mense betaal nie. Indien God die loon van sonde betaal, kan Hy aangekla word van afpersing. Dit is dieselfde as om te sê, "Indien jy My nie aanbid nie, sal ek jou en jou gesin doodmaak."

Wat behels sonde dan?

> Romeine 14:23 … alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde.

> I Johannes 3:4 Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloos-heid, want die sonde is wetteloosheid.

Wat is die wet?

> Romeine 7:12 Dus is die wet **heilig** en die gebod is heilig en **regverdig** en **goed**.

Hoe is God in Sy Wese?

1. **Heilig: "Heilig moet julle wees, want Ek, die HERE julle God, is heilig." Levítikus 19:2**
2. **Regverdig: " 'n God van trou en sonder onreg; regverdig en**

**reg is Hy." Deuteronómium 32:4**

3. **Goed: "Waarom noem jy My [Jesus] goed? Niemand is goed nie behalwe een, naamlik God." Lukas 18:19**

Indien God en Sy wet heilig, regverdig en goed is, hoe is die wet dan met God verbind? Die wet is die geskrewe kopie van God se karakter. Johannes sê, "Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde." (1 Johannes 4:8); en Paulus sê, "Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet." (Romeine 13:10).

Net soos die karakter van God, kan die wet nie verander nie:

> Jasaja 51:6-7 …maar my heil sal vir ewig bestaan en **my geregtigheid nie verbreek word nie**. (7) Luister na My, <u>julle wat die geregtigheid ken</u>, **volk in wie se hart my wet is**! Wees nie bevrees vir die smaad van mense en skrik nie vir hulle skimptaal nie.

## Christus is die Volmaakte Uitbeelding van die Vader

Wie is die Een wat die wet, wat die geskrewe kopie van die karakter van God is, volmaak uitgebeeld het?

> Johannes 15:10 As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, **net soos Ek [Jesus] die gebooie van my Vader bewaar** en in sy liefde bly.

> 2 Korinthiërs 5:21 Want Hy [God] het Hom [Jesus] **wat geen sonde geken het nie**, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.

> 2 Petrus 2:21-22 Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg; (22) **Hy wat geen sonde gedoen het nie**, en in wie se mond geen bedrog gevind is nie;

Wat het Christus van Homself gesê?

> Johannes 14:9 Jesus sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? **Hy wat My gesien het, het die Vader gesien**. En hoe sê jy: Toon ons die Vader?

Wat sê die wet?

> Exodus 20:13 Jy mag nie doodslaan [H5723 – stukkend slaan] nie.

Het Christus die wet van Sy Vader volmaak uitgebeeld?

> Lukas 9:56 Want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red.
>
> Mattheus 26:52 Toe sê Jesus vir hom: Sit jou swaard in sy plek terug; want almal wat die swaard neem, sal deur die swaard vergaan.
>
> Lukas 6:27-28 Maar Ek sê vir julle wat luister: Julle moet jul vyande liefhê en goed doen aan die wat vir julle haat. (28) Seën die wat vir julle vervloek, en bid vir die wat julle beledig.
>
> Matthéüs 5:39-40 Maar Ek sê vir julle dat julle 'n slegte mens nie moet weerstaan nie; maar as iemand jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe. (40) En hy wat met jou na die gereg wil gaan en jou onderkleed wil neem, laat hom ook die bo-kleed kry.
>
> Luk 23:34 En Jesus sê: Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.

Indien Christus 'n volmaakte beeld van sy Vader is en Christus se bediening op aarde was ook 'n volmaakte uitbeelding van die wet, en die wet is 'n geskrewe kopie van die karakter van God, dan volg dit onvermydelik dat, indien God sê "Jy mag nie doodslaan nie" beteken dit dat God nie doodslaan nie. So nie, beteken dit dat God soos die Fariseërs optree:

> Mat 23:2-3 …Die skrifgeleerdes en die Fariseërs sit op die stoel van Moses. (3) Alles wat hulle dan vir julle mag sê om te onderhou, onderhou en doen dit; maar volgens hulle werke moet julle nie doen nie, want hulle praat en doen nie.

Sal God praat en nie doen nie? Kom soet en bitter water uit dieselfde fontein? Gee Hy aan ons opdrag om nie dood te slaan nie, en direk daarna moor Hy biljoene mense uit, dus word Hy die grootste bloedvergieter in die Heelal? Jesus het nooit enigeen doodgeslaan nie en Jesus is die volmaakte uitbeelding van Sy Vader. Sy wet dui aan, "Jy mag nie doodslaan nie." "Wees heilig, want Ek is heilig." Wees vry van geweld, want Ek is vry van geweld. Onthou die woorde van Jesaja toe hy van Christus gespreek het:

> Jesaja 53:9 En hulle het Hom sy graf by die goddelose gegee; en by 'n ryke was Hy in sy dood, **omdat Hy geen onreg gedoen [geweld gepleeg – sien KJV] het nie** en geen bedrog in sy mond gewees het nie.

Christus het geen geweld gepleeg nie. Christus is die volmaakte afbeelding van Sy Vader. Hy is nie skuldig aan die aanklagte teen Hom deur miljoene Christene nie.

> Romeine 3:3-6 Want wat maak dit as sommige ontrou geword het? Sal hulle ontrou miskien die getrouheid van God vernietig? (4) Nee, stellig nie! Maar God moet waaragtig wees en elke mens leuenagtig, soos geskrywe is: Sodat U geregverdig kan word in u woorde en oorwin as U gerig hou. (5) Maar as ons ongeregtigheid die geregtigheid van God bewys, wat sal ons sê? Is God wat die toorn oor ons bring, dan nie onregverdig nie? Ek spreek menslikerwys. (6) Nee, stellig nie! Want hoe sal God anders die wêreld oordeel?

Onthou jy hoe God wraak neem?

> Romeine 12:19-21 Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here. (20) As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop. (21) Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.

God se wraak is nie ons wraak nie. Jesaja 61:1-2 vertel ons God se wraak bestaan daaruit "... om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; ... om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes [in sonde] 'n vrylating uit te roep ... om al die treurendes te troos."

> Eksodus 34:6-7 En toe die HERE by hom [Moses] verbygaan, het Hy geroep: HERE, HERE, barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; (7) wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie; wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag.

> Psalm 107:1 Loof die HERE, want Hy is goed, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid!

God is tot in ewigheid barmhartig en ten gunste van vryheid, daarom laat Hy toe dat die mens die gevolge van hul eie dade dra. Hy besoek hulle sodat hul eie ongeregtighede op hul eie koppe neerkom. Wat jy saai, sal jy ook maai.

Spreuke 8:35-36 Want hy wat my vind, het die lewe gevind en verkry 'n welbehae van die HERE. (36) Maar hy wat my mis, **benadeel sy eie lewe**; almal wat my haat, het die dood lief.

Psalm 34:22 **Die onheil maak die goddelose dood**; en die wat die regverdige haat, moet daarvoor boet.

Galasiërs 6:7-8 … want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. (8) **Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai**; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai.

## Die Groot Leuen wat Vrees vir die Dood Bring

Satan het die betekenis van die eerste opdrag van God aan Adam verander. God het aan Adam meegedeel dat sy keuse om vir homself te besluit wat goed en kwaad is, sy eie vernietiging sou bring. Toe Adam die vrug geëet het, het Satan aan Adam gesê dat God hom sou kom doodmaak. God se woorde is verdraai vanaf 'n genade-boodskap na 'n evangelie van dwang. Adam en Eva het gevrees dat God nou 'n veroordelende aanklaer geword het, sodat hulle in die tuin weggekruip het.

Satan het God uitgemaak as een wat manipulasie en mag gebruik om Adam gehoorsaam te hou deur 'n vrees vir die dood. Dit was 'n meesterlike skuif, want nadat Adam die leuen van die slang geglo het, was die nuwe god wat Adam aanbid het, 'n manipuleerder wat vrees vir die dood gebruik het om hom gehoorsaam te hou. Ons sien hierdie plan in werking in die boek Job waar God Satan toelaat om vuur neer te werp, maar Satan mislei die mense om te glo dat dit "die vuur van God" was (Job 1: 1-6, 16).

Wie is werklikwaar die veroordelende bedrieër en aanklaer?

Openbaring 12:9-10 En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word **duiwel en Satan,** wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp. (10) Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; **want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag.**

Ongelukkig het Adam God as 'n moordenaar gevrees; dit het hom (en ons) in slawerny geplaas. Dit is van hierdie slawerny wat Christus ons kom verlos het:

> Hebreërs 2:14-15 Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het—dit is die duiwel— (15) **en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was**.
>
> Lukas 1:71-74 …redding van ons vyande en uit die hand van almal wat vir ons haat, (72) om barmhartigheid te bewys aan ons vaders en aan sy heilige verbond te dink, (73) aan die eed wat Hy gesweer het vir Abraham, ons vader, om aan ons te gee (74) **dat ons, verlos uit die hand van ons vyande, Hom sonder vrees kan dien**…

Hoe word ons verlos uit die hand van ons vyande?

> I Johannes 4:18 Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie.

Wat is die vrees wat ons in slawerny hou?

> Hebreërs 2:15 en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank **uit vrees vir die dood** aan slawerny onderworpe was.

Waar lê hierdie vrees se oorsprong?

> Génesis 3:9-10 Toe roep die HERE God na die mens en sê vir hom: Waar is jy? (10) En hy antwoord: **Ek het u geruis gehoor in die tuin en gevrees**, want ek is naak; daarom het ek my verberg.

Waarvoor was Adam bang? Adam se nageslag verskaf die antwoord.

> Exodus 17:3 Maar die volk het daar gesmag na water, en die volk het teen Moses gemurmureer en gesê: **Waarom het u ons dan uit Egipte laat optrek om my en my kinders** en my vee van dors **te laat omkom**?
>
> Númeri 14:2-3 En al die kinders van Israel het gemurmureer teen Moses en teen Aäron, en die hele vergadering het aan hulle gesê: Ag, as ons maar in Egipteland gesterf het! Of as ons maar hier in die woestyn gesterf het! (3) En **waarom bring die HERE ons na hierdie land om deur die swaard te val?** Ons vroue en ons kinders sal 'n buit word. Sal dit nie beter vir ons wees om na Egipte terug te gaan nie?

Wat het gemaak dat die Israeliete in die woestyn omgekom het? Dit was hul eie geloof dat God hulle wou ombring. Hierdie geloof was afkomstig van Satan wat dit

aan Adam en Eva gegee het. Dit is die mees bose en aaklige leuen teen ons liefdevolle, barmhartige Vader. Dit hou die menslike ras in slawerny, want dit skep vrees. Vrees bring rebellie, wat lei tot sonde, wat tot die dood lei.

## Christus het die Dood tot Niet Gemaak

Dit is die rede waarom Christus die Vader gevra het om na hierdie wêreld te kom en aan ons die proses van die dood te wys. Christus sou die slang openbaar, die slang wat wegkruip in die skadus en God beskuldig dat Hy 'n moordenaar is, om sy eie bose dade te versteek.

Hoe openbaar die dood van Christus dat God nie 'n moordenaar is nie?

- **Dit was nie God wat die Fariseërs oortuig het om Christus om te bring nie; dit was Satan. (Johannes 8:37-44).**
- **Dit was nie God wat die dissipels aan die slaap gemaak het nie; dit was Satan.**
- **Dit was nie God wat Judas oortuig het om Christus te verraai nie; dit was Satan. (Johannes 13:27)**
- **Dit was nie God wat die dissipels laat vlug het nie; dit was Satan.**
- **Dit was nie God wat die Fariseërs oortuig het om Christus te kruisig nie; dit was Satan. (Luke 22:52-53).**
- **Dit was nie God wat Pilatus deur die skare gemanipuleer het nie; dit was Satan.**
- **Dit was nie God wat mense sover gebring het om Christus te slaan, om op Hom te spuug, om sy baard uit te trek nie; dit was Satan.**
- **Dit was nie God wat die Romeinse soldate aangevuur het om Christus te kruisig nie; dit was Satan.**

Selfs op hierdie punt kon God Sy Seun red van alles wat Satan gedoen het. Nogtans sê Christus:

> Johannes 10:17-18 Daarom het die Vader My lief, omdat Ek my lewe aflê om dit weer te neem. (18) Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê

dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem. Hierdie gebod het Ek van my Vader ontvang.

Die Vader sou nooit Sy kosbare Seun laat sterf het sonder die versoek van Christus aan Sy Vader om Hom toe te laat om aan die heelal te toon hoe die dood veroorsaak word. In Kolossense 2:15 sê Paulus dat Christus "die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het. " Hierdie "owerhede en magte" wie Christus tentoongestel het, is die wêreldheersers van die duisternis (Efesiërs 6:12).

Die dood aan die kruis openbaar dat sonde die dood bring; God bring nie die dood nie. As plaasvervanger van die mens het Christus gewilliglik gesterf soos die sondaar sou sterf. Hy doen dit om sonde ten toon te stel, nie om God se drifte te temper nie.

Die sonde wat Christus op Homself geneem het, het skeiding tussen God en Sy Seun gebring. Die toorn van God is getoon deurdat Hy weggedraai het van Christus af. Die toorn van God is sy vreemde werk (of sy ongehoorde daad) om Hom van die sondaar af weg te wend en om hom aan sy eie keuses, om God se barmhartige genade te wantrou, oor te laat.

Jesaja 28:21 Want die HERE sal Hom gereed maak soos by die berg Pérasim; Hy sal aanstorm soos in die dal by Gíbeon om sy werk te doen—vreemd [werk van vervreemding] is sy werk! En om sy daad te verrig—ongehoord is sy daad!

Esegiël 7:22 **Ook sal Ek my aangesig van hulle afwend**, en hulle sal my skat ontheilig: inbrekers sal daar inkom en dit ontheilig.

Deuteronómium 31:17-18 **Dan sal my toorn op dié dag teen hulle ontvlam, en Ek sal hulle verlaat en my aangesig vir hulle verberg**, sodat hulle verteer word en baie onheile en node hulle oorkom. Dan sal hulle op dié dag sê: Het hierdie onheile ons nie oorgekom, omdat onse God nie onder ons is nie? (18) Maar **Ek sal op dié dag my aangesig heeltemal verberg** weens al die kwaad wat hulle gedoen het; want hulle het na ander gode afgewyk.

Psalm 27:9 **Verberg u aangesig nie vir my nie, wys u kneg nie af in toorn nie**: U was my hulp! Verstoot en verlaat my nie, o God van my heil!

Miga 3:4 Dan sal hulle die HERE aanroep, en Hy sal hulle nie antwoord nie; **maar Hy sal sy aangesig in dié tyd vir hulle verberg**, omdat hulle verkeerde dinge gedoen het.

Die boeke *Dade van ons Sagmoedige God*; *Agape* en *Father of Love* bevat 'n uitgebreide studie oor die Bybelse siening van die toorn en wraak van God. Lees dit gerus.

God het sy aangesig weggedraai terwyl ons sonde, om God te verwerp, op Christus geplaas is. Tydens die wegdraai van Sy aangesig het Christus uitgeroep:

Matthéüs 27:46 En omtrent die negende uur het Jesus met 'n groot stem geroep en gesê: Eli, Eli, lama sabagtáni? Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat?

Hoekom het God, soos dit gestel word, Sy Seun verlaat? Hy het dit gedoen om aan te dui hoe Hy met die sonde om Hom te verwerp, handel. Hy laat toe dat die mens sy eie begeertes kry. Hy staan nie teenoor die sondaar as die laksman nie. Inteendeel, God het nooit Sy Seun verlaat nie, maar die sonde het Sy genadige aangesig verberg sodat die Seun dit nie kon sien nie, net soos 'n ongelowige sondaar dit nie kan sien nie. Christus het nie uitgereik om die barmhartige hand van God te gryp nie, omdat die ongelowige sondaar dit nie sou doen nie; Christus moes sterf net soos 'n ongelowige sondaar sal sterf.

Jesaja 59:1-2 Kyk, die hand van die HERE is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie; (2) maar julle ongeregtighede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie.

Psalm 22:2,25 My God, my God, waarom het U my verlaat, ver van my hulp, van die woorde van my gebrul? … Want Hy het die ellende van die ellendige nie verag of verfoei en sy aangesig vir hom nie verberg nie; maar Hy het gehoor toe dié Hom aangeroep het om hulp.

God het nie 'n fisiese vuur gestuur om Christus aan die kruis te verteer nie. Hy het nie die kruis met weerlig getref en Sy Seun in stukke geslaan nie. Hy het Hom nie teen die grond geslaan met sy vuiste nie. Hy het Sy aangesig verberg, omdat die menslike wil God verwerp; om ons te wys wat gebeur as ons niks met Hom te doen wil hê nie.

Jesaja 53:3-5 **Hy was verag en deur die mense verlaat**, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat

> verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie. (4) Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte—dié het Hy gedra; maar **óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was**. (5) Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

Christus het hierdie menslike wil op Hom geneem. Hy is ter wille van ons oortredinge om die waarheid te verwerp, deurboor. Om die ware natuur van die dood te ontbloot, moes God hierdie verwerping eer en daarom sy aangesig verberg.

Nadat Christus met 'n groot stem uitgeroep het "Dit is volbring!" en sy Gees in Sy Vader se hande oorgegee het net voordat Hy gesterf het, is die dood geopenbaar vir wat dit is. Die slang is openbaar as die vernietiger. Satan en sy engele is blootgelê terwyl die ganse heelal toegekyk het; die opponerende beginsels van goed en kwaad is meer volledig geopenbaar (1 Korinthiërs 4:9). Die laaste bietjie simpatie met Satan in die hemelse omgewing is verbreek. Hy kon nie meer in die hemelse howe verskyn om ons aan te kla nie. (Job 1:6-12; 2:1-7); Satan is dus tot die aarde beperk.

> Johannes 12:31 Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld, nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word. (Sien ook Lukas 10:18; Openbaring 12:7-17)

> 2 Timótheüs 1:9-10 [God] wat ons gered en geroep het met 'n heilige roeping, nie volgens ons werke nie, maar volgens sy eie voorneme en genade wat ons van ewigheid af in Christus Jesus geskenk is, (10) maar wat nou geopenbaar is deur die verskyning van ons Verlosser, Jesus Christus, **wat die dood tot niet gemaak het en die lewe en die onverderflikheid aan die lig gebring het deur die evangelie**.

God en Sy Seun het vanaf die grondlegging van die wêreld besluit om die aard van die dood en sy verbintenis aan sonde te openbaar. Nadat Christus aan die kruis gesterf het, is die oorsaak van die dood geopenbaar en daarom is die krag daarvan vernietig.

> Romeine 16:25-26 Aan Hom dan wat magtig is om julle te versterk volgens my evangelie en die prediking van Jesus Christus, ooreenkomstig

die openbaring van die verborgenheid wat eeue lank verswyg is, (26) maar nou geopenbaar is en deur die profetiese Skrifte bekend gemaak is onder al die heidene, volgens die bevel van die ewige God, tot gehoorsaamheid van die geloof.

Johannes 12:32-33 En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek. (33) En dit het Hy gesê om aan te dui hoedanige dood Hy sou sterwe.

Dit beteken die dood van Christus het die idee dat God die dood veroorsaak, vernietig. Die krag van die dood is Satan se leuen dat God diegene doodmaak wat Hom teenstaan. Neem in ag dat Christus gesterf het "sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het—dit is die duiwel" (Hebreërs 2:14).

Christus het die leuen dat God se oorspronklike waarskuwing aan Adam 'n doodsdreigement was, omvergewerp. Daarom bring die kruis vryheid van slawerny, die slawerny van die vrees vir die dood en slawerny aan die mag van die dood. Christus het openbaar wat met die sondaar gebeur wanneer hy sterf. Hy het openbaar dat die Vader nie Sy Seun doodgeslaan het nie, maar dat die Vader weggedraai het volgens die keuse van die sondaar. Christus het ons menslike begeerte om God te verwerp, op Homself geneem. God het daardie verwerping geëer en daarom het Hy Sy Seun prysgegee. In die finale oordeel sal elke verlore siel insien wat sy verwerping van die waarheid werklik behels.

Die kruis het lewe en onsterflikheid aan die lig gebring deur die evangelie. Dit openbaar dat God nie die bewerker van die dood is nie en dat Satan van die begin af 'n leuenaar en moordenaar is. Paulus sê, "Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood." (1 Korinthiërs 15:26). Dit wys dat daar geen dood in God is nie. Hy is nie die bewerker van die dood nie. Indien die dood 'n eienskap van God was, dan kan dit nie 'n vyand van Hom wees nie en kan dit nie vernietig word nie. God is regverdig, daarom vind ons "gehoorsaamheid aan God lei tot die lewe, dit is 'n pad wat nie na die dood lei nie." (Spreuke 12:28, AFR83). God kan nie die loon van die sonde betaal indien Hy nie dood in Hom het om te gee nie!

Indien Christus reeds die mag van die dood vernietig het, waarom sterf mense steeds? Omdat hulle steeds die leuen glo dat God hulle doodmaak omdat hulle gesondig het. Deur hierdie leuen voor oë te hou, word hulle verander na die beeld daarvan. Dit stel hulle ook bloot aan die onwaar idee dat die aanbod van God se genade eintlik 'n vorm van manipulasie is, want indien hulle nie hierdie aanbod

aanvaar nie, sal hulle deur God doodgemaak word.

Laat ons opkyk na die kruis, sodat ons kan sien dat Christus die dood vir elke man, vrou en kind vernietig het. Hy het die slang op die paal ontbloot (sien Joh. 3:14-16) deur Satan se oordeelstelsel te ontbloot, nie God s'n nie. Hy het kom wys dat die Vader werklik liefde is en dat daar geen duisternis in Hom is nie (sien 1 Joh. 1:5). Dan is ons gereed om die betekenis van die woorde van Christus te verstaan:

> Matthéüs 9:24 "Gaan weg, want die dogtertjie is nie dood nie, maar sy slaap." En hulle het Hom uitgelag.

Satan sal homself altyd verbloem tydens die vernietigende gebeure van hierdie wêreld. Hy maak dat mense glo dat God verantwoodelik is vir die dinge wat hyself doen. Wanneer mense glo dat God aktief mense vernietig, word vrees ingeboesem wat die siel in slawerny vasvang. Totdat die evangelie gepreek word sonder enige doodsdreigement wat direk van God af kom, kan dit verstaan word as 'n afpersingskema. Vrees vir die dood sal nooit die menslike siel toelaat om algehele rus in God se hand te vind nie. Binne hierdie konteks kan die genaderoep net as 'n verskansde dreigement tot vernietiging verstaan word.

## 'n Openbaring van die Vader se Liefde

Die Bybel openbaar duidelik aan ons dat ons nie deur werke gered word nie. Die verhaal van die verlore seun wys dat die Vader hom aanvaar het, nie omdat hy goed was nie, maar omdat hy sy seun was (sien Lukas 15:11-32). Die boodskap van die boek *Identiteitsoorlog* openbaar dat God waarde plaas op ons, nie omdat ons na wense presteer nie, maar eerder omdat ons Sy kinders is. Sy liefde vir ons word nie verander deur wat ons doen nie. (Laai gerus die boek *Identiteitsoorlog* af vanaf die webwerf *vadervanliefde.com*.)

> Matthéüs 3:17 En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: **Dit is my geliefde Seun** in wie Ek 'n welbehae het.

Christus, as ons verteenwoordiger, het hierdie waarheid omhels, sodat ons ook aanvaar word in Hom, "tot lof van die heerlikheid van sy genade **waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde** [Jesus]." (Efesiërs 1:6). Indien ons werklik aanvaar word in die Geliefde Een, nie omdat ons regverdig is nie, maar omdat Hy liefde is, dan moet ons glo dat God altyd waarde heg aan ons.

Die logiese progressie van die identiteitsboodskap van waardebepaling deur 'n verhouding met ons Vader, is dat niks ons waarde verminder in Sy oë nie en Hy sal

nooit iets van waarde weggooi nie. Die idee dat God self die bose vernietig met sy eie hande, dra die boodskap dat die bose nie meer waarde het in Sy oë nie. Wanneer ons hierdie dinge lees en tot sulke gevolgtrekkings kom, dan glo ons in ‘n God wat sommige mense kan afgradeer, bloot omdat hulle nie doen wat Hy vra nie. Die dood van die sondaar word dan ‘n grootse stelling dat sondaars niks vir God beteken nie.

Hoeveel van ons sal iemand wat vir ons kosbaar is, weggooi? Selfs ons as mense sal nooit iemand aan wie ons nog enigsins waarde heg, weggooi nie. Indien ons dit nie sou doen nie, hoe kan God enige van sy kinders weggooi? Hy kan dit nooit doen nie; “want Hy self is goedertieren oor die ondankbares en slegtes.” (Lukas 6:35) en “Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges.” (Matthéüs 5:45). “Wees dan barmhartig, soos julle Vader ook barmhartig is.” (Lukas 6:36). Hy kan net diegene wat Hom verwerp, die reg gee om te sterf. Hy kan hulle net die vryheid gee om die dood in plaas van Hom te kies. (Sien weer Spreuke 8:36).

> Matthéüs 7:9-11 Of watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood vra, aan hom ‘n klip sal gee; (10) en as hy ‘n vis vra, aan hom ‘n slang sal gee? (11) As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!

Christus het die dood afgeskaf. Hy het dit gedoen vanaf die grondlegging van die wêreld, maar dit was nie volledig geopenbaar tot en met Sy kruisiging nie. Die verhale van die Egiptiese plae, die vloed, Sodom en Gomorra en ander spreek van die kruis, maar dit was nie volledig geopenbaar nie. Sedert die openbaring van die kruis is daar geen verskoning om te glo dat God die bewerker van die dood is nie. Daar is nie meer plek vir die aanvaarding van die slawerny en vrees dat God diegene wat Hom verwerp, doodmaak. Die enigste manier om die afskaffing van die dood te omseil, is om te glo dat God steeds die dood bring oor dié wat nie doen na Sy wense nie. Hulle glo steeds dat God dwang gebruik om menslike gedrag te verander.

Die uitoefening van geweld is in teenstelling met die beginsels van die koninkryk van God; Hy begeer slegs die diens van liefde; en liefde kan nie beveel word nie. Slegs Christus, wat die hoogte en diepte van die liefde van God ken, kon dit bekendmaak.

Die genesing onder die vleuels van Christus, waarvan Maleági praat, is dat Hy die dood afgeskaf het (Maleági 4:2). Hy het die idee dat God sy vyande deur sy eie toedoen doodmaak, vernietig. Die leuen dat God sy vyande doodmaak, het Satan in die posisie geplaas om sy koninkryk van slawerny deur vrees te bou. Nadat Christus gesterf het en geopenbaar het hoe die dood plaasvind, is Satan se idees soos vlerke afgesny, en het hy op die aarde geval. (Openbaring 12:7-13). Diegene wat na Christus kyk, sal saam met Hom op sy genesende vleuels (soom/rand van sy kleed; Markus 6:56; Matteus 9: 20-21) op die hoogtes van die aarde ry. Nadat God veroorsaak het dat die slang op sy buik seil en die stof van die aarde eet, het Hy die vernietiging van Satan se koninkryk geprofeteer, deur sy leuen bloot te lê dat God mense manipuleer en bedwing deur vrees vir die dood. (Génesis 3:14; Psalm 72).

## Golgota word deur die Vloed Openbaar

Die Here het die boosheid van die wêreld onder oënskou geneem en aangedui dat dit beëindig sal word. "Toe sê die HERE: **My Gees sal nie vir ewig in die mens heers [pleit] nie**, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd en twintig jaar." (Génesis 6:3).

Daar was 'n beperking geplaas op die tydperk waaroor die Gees van God by die mens sal pleit om gered te word. Die Gees van God het dag en nag by Sy eiesinnige kinders gepleit. Hy het dag na dag na hulle uitgereik. Ongelukkig lees ons oor hul reaksie op hierdie pleitende Gees:

> Romeine 1:18 Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk.

Die antediluviane het die stem van die gewete uitgedoof. Hulle het daagliks die genadige, soet stem verwerp en het voortgegaan op hulle bose weë. Hierdie onderdrukking van die Gees van Christus kan vergelyk word met 'n verdrinkingsproses. Terwyl Sy Gees elke dag verwerp is, was Christus van tyd tot tyd bykans oorweldig.

> Jesaja 63:10 Maar húlle was wederstrewig en het sy Heilige Gees bedroef; daarom het Hy vir hulle in 'n vyand verander [omgedraai, oorgegee]: Hy self het teen hulle gestry [by hulle gepleit].

Christus het nie verander om hulle vyand te word nie (Maleági 3:6; Hebreërs 13:8).

Terwyl die mens nader aan vernietiging gekom het, het die stem van Christus steeds dringender gepleit; in hul ore het Sy stem soos die stem van die vyand geword. Sy getuienis teen hulle is met bespotting en haat ontvang, sodat dit vir hulle in hul denke *voorgekom* het *asof* God hul vyand is (sien Psalm 18:27).

> Psalm 6:4-9 Ja, my siel is baie verskrik; en U, HERE, tot hoe lank? (5) Keer terug, HERE, red my siel; verlos my om u goedertierenheid ontwil. (6) Want in die dood word aan U nie gedink nie; wie sal U loof in die doderyk? (7) Ek is moeg van my gesug; elke nag laat ek my bed swem; ek deurweek my bed met my trane. (8) My oog het dof geword van verdriet; dit het swak geword vanweë al my teëstanders. (9) Gaan weg van my, al julle werkers van ongeregtigheid, want die HERE het die stem van my geween gehoor.

Die lyding van Christus kon nie versteek word nie. Indien die mens verseg om die kruis van Christus te aanvaar, sal die lewelose klippe luidkeels getuig van hul Skepper se lyding (Lukas 19:40). Die fisiese wêreld reageer op die lyding van Christus, want Christus is die Skepper van hierdie wêreld. (Sien weer Romeine 8:22). Dit is belangrik om in te sien dat die reaksie van die natuur nie die gevolg van natuurlike oorsake was nie, dit was 'n reaksie op die moord van die wêreld se Skepper.

Psalm 18 is a profesie van die kruisiging en openbaar die lyding van Christus aan die kruis binne die konteks van die vloed.

> Psalm 18:5-6 Bande van die dood het my omring, en strome van onheil het my oorval. (6) Bande van die doderyk was rondom my; strikke van die dood het my teëgekom.

Sommige beskrywings in Psalm 18 gebruik die taal van die vloed, terwyl ander beskrywings weer van vuur spreek, sodat dit sinspeel op die gebeure van Sodom en Gomorra en die finale einde van die bose. Byvoorbeeld:

> Psalm 18:14 En die HERE het in die hemel gedonder, en die Allerhoogste het sy stem laat hoor; hael en gloeiende kole.

Terwyl Christus by die mens pleit om hom af te wend van die bose, word Hy oorweldig deur 'n vloedgolf van goddelose gedrag. Sy hart is gebreek oor die mens se lyding:

> Gen 6:6 het dit die HERE berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in Sy hart.

Die antediluviane het Christus openlik tot skande gemaak. Sy siel is gemartel en bedroef gemaak deur hul boosheid; uiteindelik het Hy aan hierdie antediluviaanse kruis uitgeroep, "Ek het dors!" Die Gees het opgehou om by die mens te pleit. Aangesien Hy reeds honderde jare verwerp is, het Hy uiteindelik hul besluit aanvaar en Sy Gees van die sondige ras onttrek, sodat hulle omgekom het in die vloedwaters. Die lewelose natuur kon nie verhoed word om die evangelie te verkondig deur die gebeure van die vloed nie. Let op na die ooreenkomste tussen die verhaal van die vloed en die kruis in hierdie gedeeltes:

### 1. Uitroep/aanroep:

Psalm 18:7 **Toe ek benoud was, het ek die HERE aangeroep**, en ek het tot my God geroep om hulp; Hy het my stem uit sy paleis gehoor, en my hulpgeroep voor sy aangesig het in sy ore gekom.

Matthéüs 27:46 En omtrent die negende uur **het Jesus met 'n groot stem geroep en gesê: Eli, Eli, lama sabagtáni?** Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat?

### 2. Die aardbewing:

Psalm 18:8 **Toe het die aarde geskud en gebewe**; die fondamente van die berge het gesidder en geskud, omdat Hy toornig [bedroef] was.

Matthéüs 27:51 En kyk, die voorhangsel van die tempel het in twee geskeur, van bo tot onder, en **die aarde het gebewe** en die rotse het geskeur;

### 3. Duisternis:

Psalm 18:10 En Hy het die hemel gebuig en neergedaal, **en donkerheid was onder sy voete**. [Hy sal jou die kop vermorsel. Génesis 3:15]

Psalm 18:12 **Duisternis het Hy sy skuilplek gemaak**, sy hut rondom Hom: duisternis van waters, diktes van wolke.

Matthéüs 27:45 En van die sesde uur af het daar **duisternis gekom oor die hele aarde** tot die negende uur toe;

### 4. Beddings van water en fondamente blootgelê

Psalm 18:16 En die beddings van die waters het sigbaar geword, en die fondamente van die wêreld is blootgelê vanweë u dreiging…

Johannes 19:34 Maar een van die soldate het met 'n spies in sy sy gesteek, en **dadelik het daar bloed en water uitgekom**.

### 5. Gedreun/gebrul:

Psalm 22:2 My God, my God, waarom het U my verlaat, ver van my hulp, **van die woorde van my gebrul?**

Jesaja 5:30 En in dié dag sal dit oor hulle dreun soos die **gedreun van die see**. As iemand die aarde aanskou, kyk, daar is angsvolle duisternis; en die lig is verduister deur die wolke.

Luk 21:25 En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer **see en branders dreun**…

### 6. Redding:

Psalm 18:17 Hy het uit die hoogte sy hand uitgestrek, Hy het my gegryp, **Hy het my uit groot waters getrek**.

1 Petrus 3:20-21 … onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt, siele **deur water** heen gered is; (21) **waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red**…

Die natuur het getuig van wat met sy Skepper gebeur het. Christus is die lig wat elkeen in hierdie wêreld verlig, sy lyding is gemanifesteer in elke lewe wat in die vloed omgekom het.

Psalm 33:6-7 Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër. (7) Hy versamel die waters van die see soos 'n hoop; Hy bêre die wêreldvloede weg in skatkamers.

Die hemele is gemaak deur die krag van Christus. Sy stem spreek tot die hele skepping. Dit is deur die Woord van Christus dat die waters van die see versamel is en in skatkamers in die aarde weggebêre is. Nadat die antediluviane Christus geheel en al verwerp het, is Sy stem gestil; die mag wat die waters in plek gehou het, het losgebreek, sodat die natuurlike elemente oorgegee is aan die beginsels van chaos.

Dit was nie Satan wat die waters vrygelaat het nie, maar dit het eerder gebeur deur die lyding wat Christus deurgemaak het, tot op die punt wat Hy geforseer is om Sy Gees oor te gee; daarna het die skepping nie meer langer die tere stem van sy Meester gehoor wat voortdurend roep – "Vrede, wees stil." Daarna het die

water die onstuimigheid van Satan en bose mense weerspieël. Satan moes self die strydende elemente verduur toe die omvang van die kruis van Christus in die vloedwaters openbaar is.

Die krampagtige sametrekkings van die wêreldvloed was 'n manifestasie van die gebroke hart van Christus. Die reënwaters uit die hemel was 'n getuienis van sy trane wat Hy vir die gevalle kinders van Adam gestort het (sien Lukas 19:41-44). Die antediluviane het geweier om die lyding van Christus te erken, maar die natuur het getuig van die lyding van sy Skepper en het sy smart en dood weerspieël. Na die totale verwerping van Christus het die natuur getuig van die verwerping en terselfdertyd die afdruksel van die gees van chaos weerspieël.

## Ons het Hom Beskou as Een wat deur God gepynig word

Wanneer ons die openbaring van die kruis in die verhale van die vloed en die vernieting van Sodom en Gomorra sien, kan ons diepere betekenis in ons eie menslike gesindhede oor die oordeel vind.

> Jesaja 53:4 Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar **ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word**. (AFR83)
>
> *(Die Bybel vir Almal)* Hy het al die siektes gehad wat ons eintlik moes gehad het. Hy het die pyn ervaar wat ons eintlik moes ervaar het. **Maar ons het gedink dit is God wat hom vir sy eie oortreding straf**.

Waar ook al die verhaal van die kruis geopenbaar word, neem ons natuurlike denke aan dat dit God is wat straf uitdeel. Die Bybel openbaar duidelik die kruisiging van Christus in die dae van Noag en Lot, maar in ons oë is dit straf wat deur God uitgedeel word. Christus sou "vir elkeen die dood smaak." (Hebreërs 2:9) Hy was *nie* deur God geslaan nie. Die dood van Christus is geopenbaar in die dood van elkeen wat omgekom het; ons natuurlike reaksie is om te reken dat dit God is wat hulle vir hul oortreding straf. Dit verskans die waarheid van die kruis en die ware rede vir die vernietiging.

> Jesaja 53:5 Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

Dit is ons oortredings wat die kruis veroorsaak het; dit is Satanies geïnspireerde

menslike natuur wat die vernietiging gebring het. Wanneer ons reken dat God die vloed en vuur en swael veroorsaak het om mense te laat sterf, herhaal ons die jammerlike beginsel, “ons het hom (hulle) beskou as dié wat deur God gepynig word.” (Sien Jesaja 53:4)

## Om die Vader te Soek met ons Hele Hart

Na verdere ondersoek mag ons navraag doen: “Het die Seun van God nie die antediluviane gedood deur nie meer die waters met Sy stem terug te hou nie?” Sy stem is gestil en Hy het hul uitspraak aanvaar. As u die man wat sy vinger in die dyk hou, skiet sodat die water dan deur die muur kan stroom, wie is dit wat die vloed bring? Hy het by hulle gepleit, 'n ark gebou en hulle gewaarsku dat die skepping sy lyding sou weerspieël. Terselfdertyd, terwyl Christus die sondes van die wêreld aan die kruis gedra het, sou die natuur die sondige, chaotiese denke van die mens in sy toestand van wanorde dra. Die liggaam van Christus aan die kruis is deur geweld heeltemal in wanorde gebring, en in die tyd van Noag en Lot het die natuur ook gekreun onder hierdie las van wanorde en chaos. Sedert sonde in die hart van Satan verwek is, pleit die Gees van Christus: “Bekeer julle, bekeer julle van jul verkeerde weë! Waarom tog wil julle sterwe?” (Esegiël 33:11).

Die antediluviaanse kruis van Christus open die waarheid omtrent die wanvoorstelling van God as ‘n moordenaar. Die liefdesbeginsels van Sy koninkryk, Sy weiering om mag te gebruik, asook die wet wat ‘n geskrewe kopie van Sy karakter is, wat aandui dat ons nie mag doodslaan nie, maak dit duidelik dat God nie ‘n moordenaar is nie. Slegs in die lig van die Kruis kan die verhale van Noag se vloed en die vernietiging van Sodom en Gomorra sin maak. In die lig van die kruis word die aanklag dat God 'n harde slawedrywer is, onwaar bewys.

Net soos Christus desperaat probeer het om die Joodse nasie te waarsku oor die menigte Romeine wat soos ‘n watervloed hulle stad sou oorweldig en dit sou vernietig (Luk. 21:20-21), het Hy die mense in Noag se tyd probeer waarsku oor 'n vloed van droefheid wat oor die wêreld sou kom. In die geval van Jerusalem het die Gees van Christus Rome probeer weerhou om sy vernietigingswerk onder die inspirasie van Satan te doen. Nadat die Jode Rome gebruik het om Christus te vernietig, het hulle hul eie ondergang verseël. Aan die einde van hierdie wêreld sal diegene wat Christus gekruisig het, besef dat hul eie besluite op hulself neergekom het.

Net soos wat die Jode die Romeine gebruik het om Christus te kruisig, het die Romeine een geslag later teruggekeer om op dieselfde manier tienduisende Jode te kruisig. Die inwoners in die dae van Noag en Lot het die smekende Gees van Christus heeltemal uitgedoof en verdrink. Wat hulle geestelik aan Hom gedoen het, het fisies na hulle teruggekeer.

Vir meer as 1500 jaar het die antediluviaanse kerk gewerk en moeite gedoen om te reageer op die saad wat Christus in hulle geplant het. Die volhoudende verwerping van daardie saad het uiteindelik uitgeloop op ‘n miskraam. Toe die vrou se waters uiteindelik gebreek het, het sy die lyk van Christus gemanifesteer in die lewens van dié wat die saad verwerp het. Wanneer ‘n moeder ‘n miskraan het, word sy aangekla van moord op die kind? Sekerlik nie! Dit is ‘n hartseer gebeurtenis, nogtans is dit die natuur se getuienis dat iets skeef geloop het met die geboorteproses. Die kerk het deur al die eeue heen ‘n verskriklike miskraam van die saad van Christus deurgemaak.

> Jesaja 13:8-9 en hulle is verskrik, kry krampe en weë; **hulle krimp inmekaar soos een wat baar**; die een kyk die ander verbaas aan; hulle gesigte is vlammende gesigte. (9) Kyk, die dag van die HERE kom, verskriklik, met grimmigheid en toorngloed, om die aarde ‘n woesteny te maak en sy sondaars daaruit te verdelg [deur die ongelowige se verwerping van Sy teenwoordigheid]. (Sien ook Jesaja 21:3-4)
>
> Matthéüs 24:6-8 En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie. (7) Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke. (8) **Maar al hierdie dinge is ’n begin van die smarte**.

Indien iemand hierdie boek tot op hierdie punt gelees het en steeds oortuig is dat God doodeenvoudig besluit dat Hy genoeg gehad het van sondaars en hulle almal verdrink of ‘n vuurdood gee, net omdat hulle weier om Sy wet te gehoorsaam, dan loop so iemand die risiko om die karakter van God totaal te verwar deur aan Hom werkswyses toe te skryf wat heeltemal teenstrydig is met Sy wet en Sy gesag van die reg. Hulle sal dit ook onmoontlik vind om te ontsnap van die slawerny van vrees vir die dood en om ware agape liefde te vind.

Die enigste weg tot vryheid is om alle vrees vir die dood te verloor. Christus het

die dood tot niet gemaak; Hy het lewe en onsterflikheid deur die evangelie gebring. Dit het tyd geword om ons Vader te soek met ons hele hart en duisende jare se veragtelike propaganda teen ons hemelse Vader te verwerp, Hy wat barmhartig, sag, teer en lankmoedig is en aan elkeen die vrug van sy eie keuses gee. Ek smeek u om die kruis van Christus te sien in elke vernietigende gebeurtenis wat in die geskiedenis opgeteken is. Mag ons die boodskap oorweeg wat op hierdie tydstip na ons toe kom:

> Openbaring 14:6-7 En ek het ‘n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met ‘n **<u>ewige evangelie</u> om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke.** (7) En hy het met ‘n groot stem gesê: Vrees God [hoop op Sy goedertiernheid, Psalm 147:11] en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom [sodat Hy geregverdig kan word, volgens Romeine 3:4]; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het.

Sal jy vir Hom getuig? Sal jy vir die waarheid staan en Sy reputasie herstel? Verkondig jy “die ewige evangelie”, of verkondig jy “die ewige afpersingsbedrogspul”? Die ewige evangelie is die Goeie Nuus omtrent God se ware karakter. God se heerlikheid draai alles om Sy karakter (Exodus 33:18-19), om heerlikheid aan Hom te gee is om u eie heerlikheid in die stof neer te lê, sodat Sy karakter in jou kan groei. Sal jy toelaat dat Sy genadige, nie-gewelddadige karakter in en deur jou kan lewe deur die inwoning van die Gees van Christus? “Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.” (Matt.5:16).

> Matthéüs 24:14 En **hierdie evangelie** van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot ‘n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.

Ons wêreld nader weer ‘n kritieke punt, net soos in die tyd van Noag en Lot. Die finale verwerping van “hierdie evangelie” sal die finale uitbarsting van chaos bring wat ons wêreld sal oorweldig. Jesus pleit by ons dat ons met sy Vader versoen word en 'n ware begrip sal kry van hoe Hy die skepping regeer en onderhou.

Boonste twee foto's – Die veraste ruïnes van die antieke stede Sodom en Gomorra. 2 Petrus 2:6









Onderste twee foto's: Die beraamde ligging van Noag se Ark in Oostelike Turkye, Agri-Provinsie, Noah se Ark Nasionale Park, Die Berg Ararat. Genesis 8:4.

# Die Kruisiging van Christus in die Dae van Noag en Lot

Die verhaal van die wêreldwye vloed en die vernietiging van Sodom en Gomorra is vir baie mense ontstellend. Sal God werklik derduisende mense verdrink of verbrand, net omdat sy genade tot 'n einde geloop het en die verpletterende hand van die gereg nie meer weerhou kan word nie? Sal 'n God van liefde so iets doen? Vir baie mense is dit verwarrend.

Baie mense bespot en verwar die "ewige evangelie" as gevolg van die boodskappe wat uitgaan van ons kansels af. Hierdie boodskappe beskryf God as die baas van 'n globale Mafia met 'n afpersingskema gemik op die inwoners van die aarde, sodat Hy die aanbidding kan verkry – "Doen soos ek sê of ek maak jou dood!"

Die ware "ewige evangelie" is dat ons Vader ons nie in die hemel inbring met 'n doodsdreigement om gehoorsaamheid af te dwing nie. Sy wet is 'n geskrewe kopie van Sy karakter en sy wet dui aan, "Jy mag nie doodslaan nie." Christus se kruisdood het die leuen, dat God dreig om rebelle dood te maak, tot niet gemaak. Die Kruis openbaar dat God almal wat Hom verwerp, aan hul eie keuses oorlaat.